

SENWES SCENARIO

GRATIS

KLANTETYDSKRIF VIR PRODUSENTE

WINTER 2019

1909 - 2019
110

FOKUS OP VEE

4 VOEDING VAN
RAMLAMME

6 SENWES GRAANMAKELAARS
DOEN RADIOMARKVERSLAG

8 REKORD REËNVAL
BRING MOED

12 TERUGBLIK
OP NAMPO

28 AREAFOKUS:
PETRUSBURG

29 LANDBOUWENKE
VIR DIE WINTER

Senwes 



UITSONDERLIKE AANBIEDINGE

Excavator JS205



Vanaf Prima minus 6%

15% deposito

Maandelikse of jaarlikse paaielemente beskikbaar

Backhoe Laaier 3DX



Vanaf Prima minus 9%

10% deposito

Maandelikse of jaarlikse paaielemente beskikbaar

Aanbod geldig tot 30 Junie 2019

BACKHOE LAAIER 3CX



Vanaf Prima minus 9%

10% deposito

Maandelikse of jaarlikse paaielemente beskikbaar

BEPALINGS EN VOORWAARDES GELD

Verdere navrae kan ook gerig word aan: Antoon Smalberger,
Bestuurder JCB en Landbou-implemente (082 806 4844)
Phillip Nel: Streekbemarkers JCB Landbou-implemente (083 451 3947)

Vir enige navrae of demonstrasies,
kontak gerus u naaste Senwes
Equipment heelwerktuigbemarkers.



www.senwes.co.za



SENWES SCENARIO

REDAKSIE

Hoofredakteur: Marlon Abrahams

Tel: 018 464 7349

marlon.abrahams@senwes.co.za

Redakteur: Aubrey Kruger

Tel: 018 464 7449

aubrey.kruger@senwes.co.za

Advertensies: Mariëtte Hugo

Tel: 018 464 7505

mariette.hugo@senwes.co.za

Ontwerp en uitleg: Mercia Venter

mercia.venter@senwes.co.za

Medewerkers: Ian Bothma, Boet van Zyl, Juan Booysen, ds Willie Botha, Frans Dreyer, Johan Jordaan, Johan Le Grange, Phillip Lee, Kefiloe Manthata, Hansie Swanepoel, dr Kobus Swart, Petrus van Staden, Martin van Zyl en Milanie Vosloo.

Subskripsie: Julian Soutter

Tel: 018 464 7742

Faks: 018 464 7772

julian.soutter@senwes.co.za

Eienaar: Senwes,

Posbus 31, Klerksdorp, 2570

Tel: 018 464 7800

Drukwerk: Typo

Tel: 011 402 3468



- Alle regte van die inhoud van Senwes Scenario word voorbehoud ingevolge die bepalings van Artikel 12 (7) van die Wet op Outeursreg.
- Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uitlatings in advertensies, promosie-artikels of deur medewerkers nie.

<http://fwd2.co/ScenarioApple>



<http://fwd2.co/ScenarioGoogle>




Lees die **Senwes Scenario** aanlyn in Afrikaans en Engels by www.scenario.co.za of laai die **Scenario** toepassing af. 'Like' ons Facebook-blad by [facebook.com/ReadScenario](https://www.facebook.com/ReadScenario) en volg ons op Twitter by [@ReadScenario](https://twitter.com/ReadScenario)

Inhoud



Tema:
**Dierevoeding
en -gesondheid**

**Voeding en
versorging van
ramlammers
p4**



**Vervangingsverse
p20**



**Nampo in 'n
neutedop
p12**

VOORBLAD

Die fokus in ons winteruitgawe is op diervoeding en -gesondheid. Lees meer oor hoe om jou kudde te versterk deur beter rambestuur toe te pas en hoe ruvoer aangewend kan word in 'n voerkraal. Bl. 4, 10, 18 en 20.

■ ALGEMEEN

- 02 Redakteursbrief: Om iemand vir jou vistenk te verkies
- 03 Spotprent: Pieter & Tshepo
- 03 Oraloor gehoor
- 03 Senwes sê dankie
- 26 Die koms van die vryemark en die ontbinding van beheerliggame

■ ARTIKELS

- 24 Produsentfokus: 'n Myburgh wat boer tussen Petrusburg en Edenburg
- 28 Areafokus: Petrusburg
- 16 Innovasie: Maak die beesvleisbedryf gereed vir 'n digitale herlewing?
- 29 Jag: Hoe bepaal ek of my geweer akkuraat is?

■ NUUS

- 06 Senwes Graanmakelaars personeel kry hul oomblik van roem
- 08 Rekord reënval bring moed
- 09 Senwesondersteun plaaslike produsente
- 12 Senwes geniet Nampo 2019
- 22 Vrystaat Jongboer van die Jaar van Port Arlington
- 23 Wenner van die 2019 Agri NW Jongboer-toekenning

■ LANDBOUKUNDIG

- 04 Voeding en versorging van ramlammers
- 10 Ruvoer in die voerkraal
- 18 Staalmeester het opsies om dié winter te oorleef: Hout- en boskos is die antwoord
- 20 Vervangingsverse: Met goeie bestuur die belangrikste bateklas op jou plaas

- 29 Landbouwenke vir die winter
- 30 Senwes Equipment reg vir winter
- 30 Boomsnoei maklik gemaak

■ FINANSIEEL

- 17 Senwes Credit steeds innoverend
- 32 Graanmakelaars: El Niño-jare
- 32 Markte: Markgeleenthede vir produsente na strooptyd

■ RUBRIEKE

- 02 Uit die Woord: ds Willie Botha
- 36 Kos vir die siel: Milanie Vosloo

■ LEEFSTYL

- 23 In die kombuis: Karringmelk en heuning hoendersosaties
- 36 Tuin: Winterwenke
- 36 Wen 'n kopie van *Hoop wat kaalvoet loop*



6

Maak seker jy ontvang die eScenario e-nuusbrief elke tweede maand vir maatskappy- en bedryfsnuus. Teken in by www.senwes.co.za.



Redakteursbrief



Om iemand vir jou vistenk te verkies

Om iemand te verkies om die land en landbou binne die land te lei, is sekerlik een van die belangrikste take daar buite.

So baie hoor mens dat jy moet weet in watter vistenk jy swem. Wel, tydens die afgelope 2019 Suid-Afrikaanse nasionale verkiesing in Mei, was ons as landsburgers deel van 'n magdom van 26,7 miljoen kiesers wat by amper 33 000 stemlokale hulle kruisies getrek het. So word die toekoms van omtrent 60 miljoen Suid-Afrikaners vir ten minste nog 5 jaar bepaal. So, hierdie is nogal 'n relatiewe groot vistenk nê?

Nie noodwendig nie... oor die afgelope 5 weke in April en Mei is Indië se nasionale verkiesing ook gehou. Aan die bokant van die skaal was hulle amper 900 miljoen kiesers wat by amper 1 miljoen stemlokale hul kruisies getrek het, wat hul bevolking van amper 1,4 miljard mense se toekoms bepaal.

Af op die skaal is die Cocos Eilande met die kleinste bevolking van slegs 596, die Falkland Eilande met 'n bevolking van 3 400 en Montserrat met 'n bevolking van slegs 4 900. In die groter spektrum is dit nogal klein vistenke om in te swem.

Om dit in perspektief te plaas, gaan daar vanjaar buiten die bogenoemde lande ook talle ander verkiesings die wêreld oor gehou word wat, glo dit of nie, 'n impak op die helfte van die aarde het. Amper 4 miljard mense.

Swem lekker in jou vistenk, maak nie saak hoe groot of klein dit is nie.

Aubrey Kruger
REDAKTEUR



Uit die Woord



Ds. Willie Botha

Lees: Psalm 23


Kom niks kort nie...

Boerdery is die oudste beroep waarvan ons weet. 'n Herder het in die antieke tyd van een weiveld na 'n volgende versit. Daar was nie kampdrade soos ons dit vandag ken nie en die beweging van 'n herder en sy kudde was onbeperk. Die gevolg daarvan was dat daar kompetisie om weiveld en water was. In 'n droë land is dit verstaanbaar. 'n Verdere gevolg was dat vee maklik deurmekaar kon raak. Dit was egter nie 'n probleem nie, aangesien die herders hulle vee so goed geken het dat dit maklik van mekaar onderskei kon word. Die skape het gewoonlik 'n herder se stem geken en hulle sou hom spontaan volg. Vir 'n herder was sy skape sy lewe. In die warmer somermaande het hy by hulle in die veld geslaap. As hulle siek of swak was, het hy hulle gedra, as hulle weggeraak het, het hy hulle gaan soek. Skape was veral waardevol vir hulle wol, vleis, velle en horings. Bokke se velle was baie waardevol en 'n goeie bokkooi kon soveel as 3,5 liter melk op 'n dag gee. Boerdery was nie vir 'n bestaansboer 'n besigheid nie, dit was sy roeping, dit was sy hele lewe. Geen wonder dat in Johannes 10 die beeld waar 'n herder sy lewe vir sy skape aflê, op Jesus van toepassing gemaak word nie. Dawid se heldhaftige optrede teen leeu en bere wat die kudde bedreig, beaam dit.

Selfs die beste boer faal soms. Daar is omstandighede waaroor hy/sy nie beheer het nie. Ernstige siektes soos bek-en-klouzeer, bloutong, bloednier en baie ander kan toeslaan met groot en skielike verliese. Boere in die kouer dele van ons land ken almal stories van angoras wat in die middel van die nag in skure en stalle ingejaag word, hanslammers grootmaak en ooie vasmaak wat nie lammers wil laat drink nie. Die kontemporêre boer moet verder ongunstige en ekonomiese- en politieke omstandighede in ag neem.

Psalm 23 vertel van die Boer van alle boere. Hy lei Sy skape met volmaaktheid. Net Hy kan daarop aanspraak maak dat Sy kudde niks kortkom nie. Sy skape wat met gemoedsrus Hom volg, want Hy gee vir hulle die beste weiding en die veilige waters om te drink. Hy lei hulle op die beste paaie en net Hy kan vir hulle nuwe krag gee. Op die gevaarlikste plekke wat bekend is vir dood, bewaar Hy hulle.

Die gelukkige skape van Psalm 23, is ons. Ons wat van ewige versorging en genade kan getuig. Van die waters van bewaring en weiveld van oorgloed. Die dra deur die droogtes en die luister na ons bid vir reën. En 'n Herder wat bereid was om sy lewe vir ons af te lê... **S**



Met 'n groeiende bevolking moet maniere gevind word waarmee groter oeste op minder grond geproduseer kan word. Water is ook 'n skaars hulpbron, soos ons geleer het by Nasie in Gesprek @ Nampo Oesdag 2019. Die HUB van Water Shortage SA sê: "Ek is nie iemand wat onrus verkondig nie, maar wat water aanbetref het ons 'n katastrofe soos geen ander nie op hande." Die meer effektiewe gebruik van hulpbronne op minder grond is dus die toekoms. As jy in ag neem dat 60% van alle water deur landbou gebruik word, moet ons produsente anders laat begin dink oor water.

KORTLIKS

110 Verjaarsdagdankies van Senwes Scenario

In die vorige *Senwes Scenario* uitgawe het landboumaatskappye Senwes gelukgewens met sy 110-jarige bestaan. Hiermee 'n opregte dankie aan al ons gewaardeerde landbouvennote.

In besonder aan almal wat Senwes persoonlik in hulle advertensies gelukgewens het: Coopers, Dekalb, John Deere, Lawn Star, Omnia, Pannar, Peritum Agri Instituut, Premier, Santam, Voermol asook interne Senwes-afdelings. Dit het alles omvat, van gelukwensings met verwysing na betroubare diens, dat ons almal vennote is en saam groei en die pad saam stap. Geluk ook aan elkeen wat self vanjaar besondere mylpale vier.

Julle gelukwensing was in 9 500 gedrukte kopieë te siene, met gratis dekking op ons aanlyn uitgawes!

DIE GESKIEDENIS VAN DIE AARTAPPEL

Agropa Handels GmbH in Germany

Aartappels dateer sowat 7 000 jaar terug. Met die 2019 Senwes #virdieboere veldtog, wat fokus plaas op verskeie kommoditeite, het ons begin met 'n rooivleisbraai, gevolg deur hoender, suiwelprodukte en aartappels. Tydens die fokus op aartappels het ons meer oor die geskiedenis van aartappels geleer.

"Wat ons as 'n aartappel ken, het in Peru begin, waar dit die stapelvoedsel van die Inca-ryk en inwoners van die Andean Altiplano was, minstens 7 000 jaar gelede. Die grootste diversiteit aartappels word steeds in die gebied gevind en hulle het selfs 'n oeroue metode waarop aartappels gevriesdroog word in die koue lug in streke hoog bo seespieël, wat hulle dan *chunos* noem."



FRANCOIS STRYDOM

Senwes Groep HUB

Tydens die Hinterland takbestuurderskonferensie wat in Parys gehou is.

"Jou omstandighede, jou geslag, ras... dit is nie wat jou definieer nie... wat jy daarmee en daaromtrent doen, dit is wie jy is."

JANSE RABIE

Agri SA Hoof: Natuurlike Hulpbronne

Agri SA het 'n skaliegas hofgeding geloods in die Pretoria Hoërhof teen die toekenning van omgewingsmagtiging en eksplorasie regte vir skaliegas aan Rhino Oil & Gas.

"Sonder die nodige bevredigende inligting omtrent die beskikbaarheid en behandeling van water om 'n hidrouliese breking- en skaliegasbedryf in Suid-Afrika te onderhou, kan Agri SA nie die regering se oënskynlike aptyt vir 'n gasindustrie in hierdie land ondersteun nie. Suid-Afrika is alreeds 'n land waar water 'n baie skaars hulpbron is. Agri SA is van mening dat die regering nie naasteenby versigtig genoeg is wanneer dit kom by die moontlike effek van skaliegasontginning nie."

"Agbiz verwelkom die amalgamasie van die ministerskap wat verband hou met Landbou en Landelike Ontwikkeling en die aanstelling van Me Thoko Didiza as die nuwe minister van hierdie portefeulje."

– JOHN PURCHASE – HUB Agbiz • Oor die nuwe kabinet soos aangekondig deur pres Cyril Ramaphosa.



Voeding en versorging van ramlammers

Die ram lewer 'n fenomenale bydrae tot suksesvolle kuddebestuur en -verbetering. Die genetiese potensiaal van die ramlam word reeds deur die produsent se bestuurspraktyke beïnvloed, vanaf ses weke voor lamtyd.

■ **Deur Giepie Calldo**
Peritum Agri Instituut

Dis die tydperk binne die baarmoeder wanneer fetusgroeï, primêre wolfollikelontwikkeling asook die ooi se uierweefselontwikkeling plaasvind. Die fetusgroeï op hierdie kritiese stadium sal uiteindelik die liggaamsgewig bepaal; die primêre wolfollikelontwikkeling sal die wolproduksie bepaal en die uierweefselontwikkeling is nodig om te verseker dat die ooi voldoende kolostrum en melkproduksie lewer om die ram se volle potensiaal te voed na geboorte.

Die sekondêre wolfollikelontwikkeling

vind vanaf geboorte tot op drie weke plaas.

VOEDING EN FETUSONTWIKKELING

Die stadium ses weke voor lamtyd is wanneer die fetus se uiteindelik groeipotensiaal die grootste knou toegedien kan word deur verkeerde voeding. Afgesien van die potensiaal wat met ondervoeding verlore gaan, kan lae geboortemassa (2 tot 3 kg) vrektes tot gevolg hê.

'n Dragtige ooi se voedingsbehoefte is 3,5% van haar liggaamsmassa. Goed gebalanseerde voeding van die ooi is nodig vir die produksie van goeie kolostrum, wat die immuniteit van die ram oor sy leeftyd gaan bepaal. Handhaaf 'n gesonde verhouding van 68% energie

teenoor 16% proteïene met haar voeding.

RAMLAM SE VOEDING NA GEBOORTE

Ten einde die ramlam optimaal te voed, het die lakterende ooi 4,5% van haar liggaamsmassa as daaglikse voeding nodig. Kruipvoeding moet reeds vanaf 10 dae na geboorte opgestel word en is noodsaaklik aangesien dit die ram se vreetpatroon oor sy leeftyd gaan bepaal. Die ram se vermoë om sy voeding aan te pas, is noodsaaklik aangesien ramme dikwels van eienaar en gevolglik voedingspatrone verwissel. Verandering in voeding kan onvrugbaarheid veroorsaak omdat dit ongeveer 21 dae neem vir die mikro-organismes om aan te pas by die volgende rantsoen. Elke rammetjie benodig sowat



25 kg kruipvoeding totdat hy op 100 dae gespeen word.

Goeie voedingsbestuur vereis dat die boer die ramlam se vordering monitor. Neem 'n besluit wat jou ramme se gewig op 2-tandverkoopstadium moet wees, stel 'n tabel op en monitor deur maandeliks te weeg. As die ramlam byvoorbeeld 40 kg met speen weeg en sy doelwitgewig is 88 kg, moet sy gewig met 48 kg oor 12 maande (365 dae) toeneem. Monitor dus of hy met ongeveer 4 kg per maand of 110 gram groei soos vereis word.

GOEIE VERSORGING VAN DIE RAMLAM

Die volgende riglyne is waardevol om goeie rambestuur te verseker vanaf speen tot veiling.

- Op +42 dae, neem mismonsters en doseer indien nodig. Hierdie is ook 'n goeie tyd om spoorelement- en Vitamien A-aanvulling te doen om die slymvliese te versterk.
- Op 80 dae moet teen bloednier en pasteurella geënt word om vrektes na speen te beperk.
- Speen op 100 dae en weeg die ram. Prestasiemeting begin reeds hier en is ook nodig vir BLUP-seleksie later. Speenseleksie word gedoen en 15% tot 20% van die swakste rampresterders word uitgegooi. Dis belangrik om aan te teken watter nageslag nie groei nie sodat teen ouers gediskrimineer

kan word. Verkoop die swak presterders. Die geboorteregister en speenrekord moet aan SA Stamboom gestuur word.

- Na speen kan ramme die sogenaamde 'libidokursus' doen. Sowat 30 uitskot-ooie word by die ramlammers in 'n kampie gejaag en hulle dek die ooie aanhoudend. So word libido en dekbeheid aangeleer, wat van hul top-presterders maak in hul reproduksie vorentoe.
- Ramlammers word ook nou geskeer. Vir eie rekord kan vaggies geweeg word om te help met die besluitneming of ander lammers eers geskeer moet word of met wol verkoop moet word.
- In hierdie tydperk kan ramlammers ook Rev 1 toegedien word om immuniteit teen brucella ovis te verhoog.
- Ramme moet baie oefening kry - fiksheid verhoog vrugbaarheid. Oorgewig en onfikse ramme se dekvermoë is gewoonlik nie goed nie.
- Op 180 dae nadat die lammers geskeer is, word die prestasie geëvalueer. Gewig word geneem; wol word gepunt; 'n 30 gram wolmonster word op die middelrib geneem en aan die SA Woltoets Buro gestuur vir ontleding. Die ram word ook geskeer en die vag geweeg. Prestasievorms moet noukeurig en akkuraat ingevul word en aan SA Stamboom gestuur word.

HANTERING VAN DIE RAMME MET VEILING

Veilingramme sal ongeveer 6 tot 7 maande wol dra met die veilingdag. Neem die laaste klein wolmonster (EST) wat net getoets word vir Micron, Sd, CV en Comfort % en by die tweede toets op die katalogus aangedui word. Finale keuring word deur rasinspekteurs by die veiling gedoen. Ramme moet vir vrugbaarheid getoets word en 'n sertifikaat moet aan die koper beskikbaar gestel word.

Ramme word aan baie stres blootgestel by veilings. Daarom is dit nodig dat ramme na die veiling goed water drink en vreet voordat gelaai word. Die hantering op die veiling, vervoer asook voedingaanpassing kan tot tydelike onvrugbaarheid lei. Dit is fataal om 'n ram net na veiling te skeer omdat dit redelik algemeen tot totale onvrugbaarheid aanleiding gee. Hou die voeding konstant (verkoper kan vir jou 'n sak pille saamgee) en gee die ramme tyd om aan te pas en te rus ten einde onvrugbaarheid as gevolg van aanpassing te voorkom. Om die ram met aanpassing te help, kan Protexin Solube, Bioboost of Bio-min gedoseer word. Onthou ook om die ram weer teen bloednier en pasteurella te ent.

Ramme maak 'n groot bydrae tot die kudde se ekonomiese prestasie en daarom moet rambestuur reeds ses weke voor geboorte begin en volgehou word. **S**

Agter van links na regs is Marcel Lombard, Handre van Heerden, Frans Dreyer, Thys Grobbelaar en Bennie Scheepers. Voor is Hansie Swanepoel, Susari Koegeleberg en Norman Botma. Johan Vosloo en Phillip Nell is ook deel van die span.



Senwes Graanmakelaars personeel kry hul oomblik van roem

“In die toekoms sal almal vir 15 minute wêreldbekend wees,” het Andy Warhol, ’n Amerikaanse kunstenaar en regisseur, wat ’n leierfiguur in die wêreld van visuele kunste bekend as *pop art*, was. Dit blyk nou dat Andy se woorde waar geword het vir die personeel by Senwes Graanmakelaars.

■ **Deur Marlon Abrahams**
Hoofredakteur

Hansie Swanepoel, Susari Koegeleberg, Norman Botma, Marcel Lombard, Handre van Heerden, Frans Dreyer, Thys Grobbelaar en Bennie Scheepers, wat almal by Senwes Hoofkantoor werk, asook Johan Vosloo en Phillip Nell, sal die stemme agter die Senwes markverslae wees wat regstreeks uitgesaai sal word elke weekoggend vanaf April 2019 tot aan die einde van Maart 2020.

Die tydsgleuf van die uitsending is ongeveer 05:45 en sal gehoor kan word op die gewilde Sentraal Suid-Afrikaanse radiostasie, OFM.

Die formaat van die program, wat deel is van OFM se *Before Dawn* tydsgleuf, fokus op landbounuus tussen 05:00 en

06:00. Die programaanbieder sal dan een lid van die makelaarspan skakel vir ’n lewendige telefoononderhoud oor verskeie aspekte met betrekking tot plaaslike en internasionale graanmarkte.

Die tydsgleuf is baie gewild onder boere en kommoditeitsbemarkers en die span is opgewonde, maar tog ’n bietjie benoud daarvoor om die belangrike rol te vervul om OFM luisteraars in te lig. Inligting sal gedeel word oor:

- Markpryse en Safex-sluitingspryse van wit- en geelmielies, koring en sonneblom.
- Markanalise - oorsig oor tendense tussen sluitingspryse van die vorige dag, die identifisering van redes vir die bewegings en die verskaffing van statistiese analises.
- Marktendense - prystendense met betrekking tot die mees belangrike internasionale graanbeurse soos

Chicago en Kansas.

- Plaaslike nuus wat die SAOG-gebied affekteer.
- Makro-ekonomiese faktore - rand/dollar valutakoers, wêreld politieke verwikkelinge, tariewe/subsidies en plaaslike en wêreldvoedselprogramme.

Senwes Grainlink se senior graanmarkanalise, Thys Grobbelaar, sê dat dit nie ’n nuwe idee is nie. “Ons het dit op ’n ander radiostasie so ver terug as 2004 vir die eerste keer gedoen. Meer onlangs is die gleuf op OFM deur ’n ander landboumaatskappy gebruik, maar toe dit aan ons gebied word, was ons baie opgewonde om weer betrokke te raak en om hierdie belangrike markindicators met die luisteraars te deel.”

As jy graag jou vinger op die pols van graanbemarking wil hou, stel jou wekker vir 05:45 elke weekoggend en luister hoe die ouens hul oomblik van glorie geniet! **S**

PRESTASIE IS AAN DIE ORDE VAN DIE DAG SAMEWERKING MAAK DIT MOONTLIK.



Die keuses wat jy maak het 'n invloed op die prestasie van jou diere en uiteindelik die sukses van jou onderneming. MOLATEK is soveel meer as wetenskaplik geformuleerde veevoer. MOLATEK is deel van jou wêreld. Ons kundigheid gee ons die voorsprong sodat jy met selfvertroue op ons nommer kan druk.

Wanneer dit kom by die groei, gesondheid en kondisie van jou diere,
lei samewerking tot prestasie.



uppe marketing A19780



Kontak jou tegniese adviseur vir al jou voer- en voedingsvereistes.

Kontak ons: +27 (0)13 791-1036 • molatek@rcloffs.com
www.molatek.co.za • www.rcloffs.co.za


Samewerking lei tot prestasie

Rekord reënval bring moed

Senwes-gebied ontvang meeste reënval in April in 104 jaar – 188,7 mm

“Dis reën dis wind dis water en die son kom eers weer later,” het Danie Niehaus gesing. En vir produsente in die Senwes-gebied was dit omtrent die geval die afgelope amper vier en ’n half weke van April 2019.

■ **Deur Aubrey Kruger**
Senwes Scenario Redakteur

In die tyd was die gemiddelde reënval in ons Senwes-gebied ’n massiewe 188,7 mm. Dit is die meeste reën in April in 104 jaar. Senior Graananalise by Senwes, Thys Grobbelaar, het by navraag vertel dat dit die ou rekord verpletter het. Die vorige hoogste gemiddelde reënval was 117 mm tydens die 1942/43 seisoen. Om dit in perspektief te plaas, is die langtermyn gemiddelde reënval vir April in die Senwes-gebied maar 40,5 mm. Met ander woorde, dit is meer as vier en ’n half keer die langtermyn gemiddeld.

Van die plekke binne die gebied met die meeste reënval in April was Winburg silo waar 280 mm gemeet is, Arlington silo met 275 mm asook Theunissen silo met 257 mm. Aan die ander kant van die skaal

is Jan Kempdorp silo met die minste, naamlik 108 mm, asook Gottenburg silo op 113 mm en Heilbron silo met 114 mm, net onder die vorige gemiddelde reënval rekord vir April.

Die reënvoorlopers sedert die begin van die 2018/19 seisoen (1 Julie 2018 tot 30 April 2019) is Enselspruit silo met 792,5 mm, gevolg deur Raathsvlei silo met 710,6 mm en Arlington silo ’n paar druppels agter hulle met 709 mm. Onder die met die minste reënval in hierdie tydperk is Jan Kempdorp met 270,2 mm, Hartswater silo met 327,5 mm asook Petrusburg silo met 390 mm.

Uit die statistiek het dit ook geblyk dat ons vanjaar 333,3% meer reën in April ontvang het as in die ooreenstemmende tydperk in April 2018, en dan was die kumulatiewe reënval vir die seisoen tot dusver 106,1% van die 33-jaar gemiddeld.


Grobbelaar het verder genoem: "Ons

bevind ons in een van die eienaardigste seisoene sedert daar akkuraat reënval-rekords gehou word." Daar was nog net vier seisoene die afgelope 104 seisoene waarin die 1 Julie tot 31 Desember reënval minder was as tydens hierdie seisoen vir dieselfde periode. Die gemiddelde reënval vir die voorseisoen vanaf 1 Julie tot 31 Desember was 232 mm. Die gemiddeld die afgelope seisoen was maar 118 mm. Die droogste voorjaar vir die periode waarvoor daar reënvalstatistiek bestaan, is 88 mm gedurende die 1945/46 seisoen.

Grobbelaar het verder gesê dat ons moet onthou dat die meer oostelike distrikte baie na aan ’n normale reënval vir die voorseisoen gehad het. Die meer westelike distrikte se kumulatiewe reënval was in baie gevalle heelwat laer, en in ’n paar gevalle die laagste in die aangetekende reënvalgeskiedenis wat ons het. Voorbeelde hiervan is Regina met slegs 56 mm, Viljoenskroon met 85 mm, Vierfontein met 84 mm, Bothaville met 91 mm en Odendaalsrus met 78 mm. Die meer westelike distrikte soos Bultfontein en Wesselsbron het goeie reën gedurende Augustus 2018 gehad, wat hulle voorseisoenreënval hoër gemaak het.

Nieteenstaande die uiters droë voorseisoen, gaan van die distrikte uitsonderlike goeie opbrengste realiseer. Wat leer ons hieruit? Dat ons net nie te vroeg moet moed opgee nie. So, reën bring nie net verligting nie, maar ook hope moed. ■

*In die skematiese voorstelling kan die reënval vir April 2019 in die tradisionele Senwes-gebied van nader bestudeer word.



Reënval April 2019 in die tradisionele Senwes-gebied.

Senwes ondersteun plaaslike produsente

■ Deur Kefiloe Manthata
Senwes Joernalis

In Januarie 2019 het Senwes 'n uitdaging gerig aan alle Suid-Afrikaanse maatskappye om produsente te ondersteun wat negatief geraak word deur die droogte en die verlaging in die prys van rooivleis. Na aanleiding van Agri SA se oproep om "boere se probleme weg te braai", het Senwes 'n #braai-virdieboere #braaiforthefarmers-veldtog geloods.

Die sukses van die #braaiforthefarmers-veldtog het aanleiding gegee tot 'n veldtog om verbruikers in te lig oor die belangrikheid om plaaslike produsente te ondersteun, veral in hierdie onsekere tye.

Sedertdien word Vrydae by Senwes

Die veldtog het almal se harte warmer laat klop toe Senwes 150 koppe kool, gekoop by die Thobo Trust se Itokisetseng groentetuinprojek, aan die Kersboomprojek se begunstigdes geskenk het.



daaraan gewy om die onderneming te bevestig wat Senwes gemaak het om plaaslike gemeenskappe te ondersteun. Ons doen dit deur elke week die kalklig te laat val op 'n plaaslike kommoditeit en te wys hoe die spesifieke produk geniet kan word.

Eerste in die kalklig was die gunsteling, hoender! Senwes personeel het 'n verskeidenheid hoenderdisse geniet. Dit is gevolg deur melk en toe aartappels en dit was interessant om te leer hoeveel van hierdie kommoditeite daagliks verbruik word.

Meer onlangs het ons die kollig op groente geplaas met die oproep om hierdie winter plaaslike groente te koop, gesond te bly en só produsente te help.

Die doel van die veldtog is om ons te herinner aan die Senwes groep hoof uitvoerende bestuurder se woorde "of jy in landbou is of nie, die feit is dat elke enkele Suid-Afrikaner deel van die landbouwaardeketting is - die kos en produkte wat jy daagliks verbruik, is op 'n plaas geproduseer. Dit gaan oor voedselsekureit."

Hinterland

Herontdek dít wat saak maak



HINTERLAND VEE

- Plaaswerker Opleiding
- Kudde Bestuur
- Gesondheidsprogramme
- Voervloeiprogramme
- Teelprogramme



Kontak jou naaste tak of
besoek ons by www.hinterland.co.za



Hinterland

AFGRI Town&Country en Senwes Village is handelsmerke van Hinterland
AFGRI Town&Country and Senwes Village are trademarks of Hinterland



RUVOER IN DIE VOERKRAAL



Wat is die waarde van ruvoer en hoe moet dit in die voerkraal aangewend word?

Herkouers, soos beeste en skape, het oor tyd aangepas om ruvoer effektief te kan verteer. Om 'n gesonde verteringstelsel te handhaaf, moet 'n minimum hoeveelheid ruvoer in voerkraalrantsoene ingesluit word. Verskillende bronne van ruvoer het verskillende voedingswaarde en fisiese eienskappe wat in die formulering van voerkraalrantsoene in aanmerking geneem moet word.

■ **Deur dr Kobus Swart**
Dierevoedingskundige

Die plant se selwandbestanddele, wat ons as vesel beskryf, kan nie deur die dier verteer word nie en moet deur mikro-organismes gefermenteer word. Herkouers neem ruvoer met groot partikelgrootte in en kan hierdie voer selektief in die rumen terughou sodat voldoende vertering of fermentasie kan plaasvind. Herkou vind ook plaas sodat voer fyner gekou kan word, verder verteer en na die laer verteringstelsel gestuur kan word. Gedurende die koudproses word speeksel afgeskei wat sure in die rumen buffer om

die pH van die rumen konstant te hou om 'n optimale omgewing vir die vertering van vesel te skep.

In 'n produksiestelsel soos 'n voerkraal, is daar ekonomiese, operasionele en voedingkundige redes om die ruvoerinhoud van voere so laag as moontlik te hou. Ekonomies, is grane en konsentrete 'n goedkoper bron van voedingstowwe as ruvoere. Operasioneel, het ruvoer ekstra koste van prosessering in die vorm van maal en snyaksies om homogene mengsels en konstante verskaffing van voere asook konstante voerinname sonder voersortering, te verseker. Voedingkundig varieer ruvoere se biochemiese en fisiese samestelling aansienlik wat konstante voersamestelling, voerinname en groei-

prestasie bemoeilik. Daar is dus vele praktiese redes om die minimum ruvoer in voerkraalrantsoene in te sluit.

BEPALING VAN VESELINHOUD VAN VOERE VIR HERKOUERS

In dierevoeding word vesel as 'n voedingsstof en nie as 'n chemiese of anatomiese deel van die plant gedefinieer nie. Voedingkundig het vesel beide fisiese en biochemiese eienskappe wat tot die meganiese proses van vertering (kou en deurvloei) asook die ensimatisiese afbreekproses met fermentasie, verband hou.

Die term wat vesel beskryf as ruvesel (CF), is onbetroubaar en word nie meer gebruik nie. Suurbestanddele (ADF - acid detergent fibre) bevat nie hemisellu-



'n Konstant homogene voer is ideaal in die voerkraal.

lose nie en is ook nie 'n akkurate syfer om vesel in voere te meet nie. ADF herwin die meeste, indien nie al, die polimeriese lignien en sellulose in die voer, wat 'n mate van pektien, hemisellulose en tannien-proteïene en askontaminasie insluit.

NDF is nie 'n ideale voedingstofentiteit nie aangesien die verteerbaarheid varieer met die lignienkonsentrasie en ander faktore in die voer. Die variasie in droëmateriaalverteerbaarheid van volvoere word hoofsaaklik aan die konsentrasie en verteerbaarheid van die NDF in voere toegeskryf. Dit is egter net die NDF-waarde wat die veselverskille binne en tussen voere kan meet en die potensiaal het om 'n algemene stelsel van aanbevelings vir alle voere te kan ontwikkel. NDF-waardes van voere kan baie betroubaar en akkuraat bepaal word.

EFFEKTIVITEIT VAN VESEL

Die konsep van effektiewe vesel (EF) is deur voedingkundiges ontwikkel om voere te formuleer wat die melkvethoud van melkkoeie kan onderhou en is nie op alle voere wat vir herkouters aangewend word, van toepassing nie.

'n Stelsel van Ruvoer Waarde Eenheid (RVU) is voorgestel wat die effektiwiteit meet waarmee voer tot die dubbele rumen-fase (drywende mat van growwe partikels op 'n dam van vloeistof met klein partikels) aanleiding gee en herkou-aktiwiteit stimuleer. Hierdie eenheid is op die chemiese ontleding van die NDF-veselinhoud asook die fisiese meting van vesellengte of partikelgrootte gebaseer. 'n Standaard verwysingswaarde van 100, wat

van die RVU afgelei is, word gebruik. Dit word gedefinieer as hipotetiese voer waar al die partikels lank genoeg is, 100% NDF bevat en volledig gebruik word om herkou te stimuleer (bv. 'n lang gras wat uit 100% NDF bestaan). Hierdie voer sal 'n sekere herkou-aktiwiteit in terme van aantal koue per kg voer stimuleer. 'n Volgende voer met 'n laer NDF-waarde en korter vesellengte sal minder kou-aktiwiteit stimuleer. 'n Direkte verband tussen die NDF-inhoud plus lengte van vesel en herkou-aktiwiteit is gevind, wat vir elke voer bepaal kan word. Die verwysingswaarde word op 'n skaal van 0 tot 1 uitgedruk en met die totale NDF vermenigvuldig, wat die peNDF van die voer weergee.

MINIMUM peNDF BEHOEFTE VIR HERKOUERS

Voerkraalproduksie is 'n terminale proses wat weinig meer as 180 dae duur.

Gegewe die korttermyn aard van voerkraalproduksie en die doel van maksimum produksieprestasie, sal die minimum veselbehoefte vir voerkraalbeeste betekenisvol laer as byvoorbeeld melkkoeie wees. Vesel het lae produktiewe energie, lae netto energie vir groei (NEg), het 'n laer energie-inhoud as konsentrate en word ook swak verteer met die lae pH in die rumen. Om hierdie rede sal 'n lae veselinsluiting in voerkraalrantsoen groei-prestasie stimuleer.

'n Positiewe verwantskap tussen groei (GDT) en peNDF is gevind as die peNDF minder as 10% van die DM in die rantsoen is en 'n negatiewe verwantskap as die peNDF meer as 18% is. Die beste

GDT is met 'n peNDF van 15.3 gekry. Daar is egter min verskil in GDT tussen 12% en 18% peNDF. Die optimum peNDF vir minimum lewerabsesse is 22%, en 25% vir maksimum voerinname. Hierdie breë aanvaarbare veselinhoud van voer met peNDF van 12 tot 18%, beteken dat formulasies van voer vir verskillende doeleindes aangepas kan word en steeds aan die minimum vereistes van peNDF vir voerkraalproduksie voldoen kan word.

'n Konstant homogene voer is ideaal in die voerkraal. Die variasie in partikelgrootte, effektiewe vermenging en voerseleksie deur diere maak dit moeilik en selfs onmoontlik om voer wat konsentrat en grof gemaalde ruvoer bevat, homogeen te vermeng – veral as die voer droog is. Daar is 'n geneigdheid om die partikelgrootte van ruvoere kleiner te maak om die hanteerbaarheid, vermenging en lewering van voer in die bakke homogeen en konstant te hou. In so geval moet die peNDF van die voer aangepas word om die effektiwiteit van die vesel korrek toe te pas.

GEVOLTREKING EN AANBEVELINGS

Beide die chemiese en fisiese eienskappe van die voer sal die produksieprestasie van die dier in die voerkraal bepaal. Die gebruik van peNDF neem beide die chemiese en fisiese aard van vesel in ag wat die herkou-aktiwiteit sowel as rumenfunksie beïnvloed. Die kou-aktiwiteit is wel belangrik om speekselbuffers af te skei wat die pH in die rumen beheer, maar dit is ook 'n aanduiding van die rumen se fisiese omgewing wat optimale rumenfermentasie en produksie bepaal. **S**



Adviesdiens vir herkouervoeding

Om die produktiwiteit van produksiestelsels vir beeste te verbeter.

- ▶ Voerprosessering, voedingsbestuur en formulering van voere vir volhoubare produksieprestasie
- ▶ Formuleer en verskaf konsentrate om formulasies te komplimenteer



Dr. Kobus Swart 083 262 0946 • kobus@mixcure.co.za



Senwes geniet Nampo 2019

Soos in die begin, 53 jaar gelede, en elke jaar daarna, was Senwes weereens trots om deel te wees van Graan SA se Nampo Oesdag by Nampo Park, naby Bothaville, vanaf 14 tot 17 Mei 2019

■ **Deur Marlon Abrahams**
Senwes Scenario Hoofredakteur

Wat dit selfs meer spesiaal gemaak het hierdie jaar, is dat Senwes sy 110de verjaardag op 15 Mei by die grootste agri-gebeurtenis in die Suidelike Halfrond gevier het! Die geleentheid was selfs meer spesiaal toe 'n verjaardagkoek en sjampanje aan HUB Francois Strydom en die Senwes span oorhandig is deur Sentraal Suid-Afrika se "Klank van jou Lewe" OFM radiostasie.

Francois het hulde gebring aan al ons belanghebbendes, veral aan u, ons gewaardeerde kliënte, vir u ondersteuning

en geloof in ons maatskappy oor die jare. Ter erkenning van hierdie groot gebeurtenis, het Senwes 'n 24-bladsy insetsel oor Senwes se geskiedenis by die Landbou Weekblad tydskrif, wat self sy 100ste bestaansjaar gevier het, laat invoeg. Baie geluk aan LBW met jul 100ste verjaardag!

Terug na Nampo - Senwes is weereens deur die Grainlink-stalletjie verteenwoordig en die Grainlink-span was byderhand om advies te verleen en moontlike transaksies te identifiseer wat verband hou met alle aspekte van graanproduksie, -opberging en -bemarking. Onthou, vir die beste geïntegreerde oplossings ten einde die meeste uit jou graanopbrengs te kry, hoef jy slegs vir Senwes Grainlink te skakel - 'n graanbemarker is beskikbaar om

jou by te staan met enige navrae wat jy mag hê. Maak ook 'n nota dat die Grainlink-span intyds die nuutste tendense, nuus en Safex bewegings in die graanbedryf op OFM deel om ongeveer 05:45m tydens die landbou-uur "Before Dawn".


Die Senwes Grainlink-stalletjie het elke dag 'n R1 000 Hinterland geskenkbewys weggegee aan een gelukkige wenner by Nampo en het Senwes se 110de verjaardag gevier deur 110 besoekers aan die stalletjie met 110 kolwyntjies te bederf.

Senwes se kleinhandelsvennoot, Hinterland, was ook teenwoordig met allerlei landbougoedere, wapens en ammunisie, wat weereens baie gewild was!

DIE GESPREK MET DIE NASIE GAAN VOORT

Senwes het ses jaar gelede 'n besprekingsplatform geïnisieer, wat by Nampo Oesdag geloods is om konstruktiewe gesprekke tussen belangrike belang-

► 14



Nick Efsthathiou, OFM HUB, Francois Strydom, Senwes HUB en Danie Minnaar, Senwes Groep Voorsitter.



Montego

— Pet Nutrition —

Better Every Day.

Montego Pet Nutrition is a South African family business, built upon the strongest foundations of entrepreneurial spirit, family values, quality and innovation. This year we're updating the look of our brand to match the business we've grown into – a business that never stops improving on its approach, getting *better* every day at producing high-quality pet nutrition for all South African pets.

Johan van Jaarsveld, Managing Director – second generation van Jaarsveld.

#hellomontego



www.montego.co.za



Senwes het vanjaar die Kaalvoet Kinderparkie speelarea vir kinders bekend gestel, waar kinderoppassers 'n ogie gehou het oor die kleingoed terwyl hul ouers alles by Nampo verken het. Die foto's links vang 'n paar van die oomblikke vas by Nampo, insluitend Senwes se skoonmaakspan wat die omgewing op pad na Nampo rommelvry gehou het.



◀ 12 | Senwes geniet Nampo 2019

hebbendes in landbou aan te moedig en om bewustheid te skep en oplossings te vind vir die brandpunte wat die bedryf in die gesig staar. Vanjaar se Nasie in Gesprek is gekenmerk deur 'n besliste gevoel van welwillendheid met betrekking tot die brandpunte. Teen die agtergrond van die nasionale verkiesing wat onlangs plaasgevind het en die brandende kwesie van grondhervorming en ekonomiese vernuwing, het die sessies by Nampo die heersende stemming weerspieël.

Die kwaliteit van die gesprekke het nuwe hoogtes bereik met fasiliteerders en deelnemers wat die volgende persone ingesluit het: In Transformation Initiative en voormalige minister Roelf Meyer; afgetrede ambassadeur en landbou-ekonomiese kenner, Malcolm Ferguson; LBW hoofredakteur Chris Burgess; Galileo Capital HUB Theo Vorster; politieke kommentator Theo Venter; strateeg Leona Archary; Graan SA se Senelizwe Fakade, Christo van der Rheede, Ikageng Maluleke en Jannie de Villiers; Gloria Serobe van Wiphold en Wipcapital; Nkosi Minenkulu Joyi – tradisionele leier van Baziya Traditional Council & Royal House of Joyi en Landbouweekblad se Siyanda Sishuba, om net 'n paar te noem.

Die onderwerpe van bespreking was soos volg: Post-Verkiesing Politieke Perspektiewe; Publieke Privaat Vennootskappe en Volhoubare Ekonomiese Groei; Herlewing van die

Platteland; Landbou - 'n Wêreldbesigheid – Waar bevind Suid-Afrika homself; Ondersteuning en Befondsing van 'n Ontwikkelende Landboubedryf; Tegnologie en Befondsing; Die rol van Gemeenskaplike Grond in Landbou-ontwikkeling; Water: 'n Kritiese Kommoditeit en 'n Kykie in die Toekoms - Geleenthede in Landbou.

Die sessies, wat goed bygewoon is en waaraan die gehoor aktief deelgeneem het, kon regstreeks op die Nasie in Gesprek webblad gekyk word. Om daarna te kyk, besoek asseblief www.nationinconversation.co.za. Sosiale media het weereens gegons met kommentaar en reaksie oor die besprekings. Volg die inligting wat Nasie in Gesprek en Senwes op sosiale media plaas vir intydse standpunte oor alle landboukwessies.

As jy nog nooit by Nampo was of *Nasie in Gesprek* gekyk het nie, maak 'n punt daarvan om na die gesprekke te kyk - jy mis uit op die nuutste ontwikkelinge en belangrike onderwerpe in landbou. Die landboutoekoms lyk positief, veral met 'n nuwe landbou-ontwikkelingsagentskap wat in wording is om boere by te staan. Kyk regstreeks op die *Nasie in Gesprek* webblad vir meer inligting oor die ondersteuning en befondsing van 'n ontwikkelende landboubedryf. Ons hoop om u almal weer volgende jaar te sien, of by Nasie in Gesprek by Nampo Kaap in September. **S**





Breek steeds nuwe grond



Senwes Grainlink bied veilige transaksies en vinnige betaling. Ons skep waarde vir jou deur kapitaalgroei en dividende. Ons kyk al die afgelope **110 jaar** na jou graan en belange terwyl jy aandag gee aan jou hartsmense.



www.senwes.co.za





Maak die beesvleisbedryf gereed vir 'n digitale herlewing?

Volgens Lauren Manning maak die lewendehawebedryf gereed vir sy beurt in die innovasie-omgewing soos wat meer en meer nuwe besighede die pas versnel. Dié artikel ondersoek ván die uitdagings wat gekoppel word aan die digitalisering van die lewendehawespasie soos ervaar deur die maatskappy Performance Livestock Analytics (PLA).

■ Deur Martin van Zyl

Senwes Groepbestuurder: Innovasie en Geïntegreerde Oplossings

Innovasie verander amper elke segment van voedselproduksie. Ingewikkelde algoritmes evalueer groot hoeveelhede data, afkomstig van rygewasproduksie, nuut ontdekte mikrobes wat aanleiding gee tot bio-gebaseerde kunsmis, verandering van gene wat die voedingsprofiel van oeste kan verbeter en hiperspektrale skandeerders wat verspreiders van voedsel help om beter voedselveiligheidsstandaarde toe te pas.

Een gebied waar tegnologie nog nie soos 'n veldbrand versprei het nie, is lewendehaweproduksie, wat insluit beesvleisproduksie, suiwelproduksie en ander segmente van die verskaffersketting wat vleis- en melkprodukte op ons tafels plaas.

Die bedryf staan maar slegs aan die vooraand van digitalisering, volgens Dane Kuper, stigter en HUB van presisie-diertegnologiemaatskappy, Performance Livestock Analytics (PLA).

"Lewendehawe is een van die laaste bedrywe waar jy ware digitalisering sal

sien. Elke ander bedryf is reeds deur 'n digitale rewolusie," verduidelik Kuper.

"Lewendehawe is 'n effens kleiner bedryf as rygewasproduksie en is waarskynlik meer uitdagend in terme van hoe tegniese aspekte opgelos kan word. Daar is waarskynlik ook meer veranderlikes wat hanteer moet word en 'n groter vraag na wyses waarop hierdie produkte geproduseer moet word, vergeleke met rygewasproduksie," verduidelik Kuper. "Vleis is 'n hoëwaardeproduk wêreldwyd en vleisverbruik is besig om te styg. Die verbruiker wil ook nou baie meer weet oor hoe die produk geproduseer word."



Sonder om afbreuk te doen aan die kompleksiteit van gewasse soos sojabone, mielies en koring, is die produksie van vleisbeeste 'n totale ander saak weens die feit dat die kommoditeit 'n lewendige dier is met sy eie voedings- en gesondheidsbehoefes. Die eenvoudige taak om te bepaal hoeveel kilogram voer elke dier moet eet is onmoontlik vir baie produsente, tensy diere apart gehou word en individuele rantsoene gevoer word - 'n onpraktiese en totaal oneffektiewe taak. Elke dier sal ook sy eie gesondheidsgeskiedenis hê soos wat siektes somtiges, maar nie die totale trop nie, affekteer en statistiek oor verskillende aspekte, soos die aantal maande wat dit neem om afrondingsgewig te bereik.

Dan is daar nog die koei-kalf aspek van beesvleisproduksie, waar koeie geteel word om jaarliks nuwe kalwers te produseer. Rekords wat gehou word met betrekking tot teling, kalwers wat gebore word en die speen van kalwers is 'n totale nuwe stelsel waarop inligting oor elke individuele dier op rekord geplaas word.

Die antwoord mag dalk eenvoudig wees dat die bedryf 'n bietjie langer gaan neem om die omvang te besef van die massiewe aantal veranderlikes wat betrokke is om die beste en mees praktiese digitale oplossings te vind. 📌

Opgesom uit: Lauren Manning se artikel: <https://agfun-dernews.com/its-beefs-turn-for-a-digital-rennaissance-says-ex-climate-employee-founder-of-digital-tool-pla.html>



Senwes Credit steeds innoverend

■ Deur Francois de Kock

Senwes Credit: Hoof Kommersiële Agri-finansiering

SENWES CREDIT DOEN dit weer. As leiers in die verskaffing van agri-finansieringsoplossings, is Senwes Credit weer aan die voorpunt van innovasie. 'n Nuwe struktuur wat daarop gefokus is om ons kliënte direkte toegang te gee tot 'n span spesialiste, is met ingang 1 Junie 2019 bekendgestel. Die hooffokus van die struktuur is om Senwes se integrasie-strategie te optimaliseer. Die span sal in een van drie geografiese samestellings setel en bestaan uit:

- Bestuurder Agri-Finansiering, wat die rol as integrasie-spesialis vervul. Dus die koördinerende van finansieringsoplossings asook om waardetoevoegingsgeleenthede vir die kliënt in die Senwes groep te identifiseer en te fasiliteer.
- Kredietbestuurder wat saam met sy span die rol as krediet-spesialis sal vervul. Die verskaffing van pasgemaakte finansieringsoplossings bly hierdie span se primêre verantwoordelikheid.
- Landbou-ekonomies, wat saam met die span lewensvatbare oplossings vir die boerdery verkry, asook deur die E-Buro meetbare effektiwiteitsvergelykings en riglyne kan verskaf.

Elke lid van hierdie span spesialiste is gekoppel aan 'n geografiese groepering kliënte – dus is die hele span op hoogte van u as kliënt se behoeftes en uitdagings.

Die bestaande verhouding wat u met u huidige bestuurder agri-finansiering het, sal onveranderd bly. Indien u egter voorheen skakeling met die kredietspanne gehad het, kan hierdie persone moontlik verander.

Die drie geografiese samestellings word verdeel in 'n westelike gebied, sentrale en Oos-Kaap gebied en oostelike gebied.

Tree vandag nog in verbinding met Senwes Credit vir innoverende finansieringsoplossings. 📌



Staalmeester het opsies om dié winter te oorleef

Hout- en boskos is die antwoord

Hoewel dit in die meeste van die Senwes-gebiede baie in April gereën het, is daar steeds areas wat gebuk gaan onder droogtetoestande, soos die huidige droogte in Namibië. Dit is hulle ergste droogte ooit en die staat het 'n noodtoestand in Mei aangekondig. Daar is absoluut geen weiding nie en produsente is desperaat vir kos. Die boere het begin kyk na alternatiewe soos hout en bos.

■ Deur Martin Coetzee
Staalmeester HUB

Dit was die antwoord en die aanvraag het gegroei en Staalmeester het toetse op verskeie implemente gedoen om die probleem vir die boere op te los.

Twee duidelike weners: JF2D hamermeul en JF 50 kerwer

JF2D

Die JF2D is beskikbaar in 'n elektriese, petrol- of dieselweergawe. Dit is 'n bekostigbare opsie vir boere wat enigiets van mieliemeel tot beesvoer wil maal, in dié geval bosse en takke. Dit is so effektief op bos omdat die kerkfaksie hout met twee lemme sny en direk daarna word dit in 'n maalkamer met ses hamers verwerk. Die JF2D model kom met vyf standaard siwwe ingesluit, vanaf 0.8 mm tot 10 mm en growwer. In hierdie geval word die hout verwerk na 5 mm tot 10 mm, afhangend of die boer skaap of bees voer.

JF 50 KERWER

Die JF 50 kom voor in PTO, diesel, elektries of petrol. Staalmeester het die ant-

***BOSKOS is 'n term wat boere gebruik om hout en bos te verwerk en dit deel van die voedingsmengsel te maak.**



'n Tipiese boskosmengsel:

bos 80%, molasse 8%, sout 0.5%, ureum 1%, P21 fosfaat 1%, chop 5% en peule 4.5%.

Die mengsel is reg vir bees en skaap en as wild gevoer moet word, moet daar net gekyk word na die ureum.

Staalmeester is die alleenverskaffer van JF-produkte in Suidelike Afrika en voer die produk al vir 20 jaar lank vanuit Brasilië in en is al vir 15 jaar in Namibië betrokke.

woord gekry in die JF2D model, maar vir grootskaalse boere wat iets groter benodig, was daar nog nie 'n oplossing nie.

Staalmeester het 'n verskeidenheid bosse gekap en toetse is suksesvol uitgevoer. Die JF 50 werk so goed omdat dit 'n groter invoerbek as die JF2D het, en oor twee intrekkers beskik wat die bos intrek en makliker verwerk. Die JF 50 het ook



Staalmeester se JF 50-kerwer is die oplossing vir produsente wat iets groter benodig.

twee snitlengteverstellings, naamlik 5 mm en 13 mm. Dit is perfek om die boskosmengsel te maak en dit hoef nie weer verwerk te word deur 'n hamermeul nie.

Staalmeester het in die laaste twee maande meer as 200 eenhede alleenlik in Namibië verkoop en dit het alles met die maal van boskos te doen. Die probleem gaan nie vinnig opgelos word nie, want die wintermaande is nog lank met die gras wat eers na die eerste reën sal herstel. **S**

JF 2D HAMERMEULE

Bekostigbare implement vir die vervaardiging van boskos*



JF 2D HAMERMEULE

- Kerf-aksie wat hout sny met twee lemme en dit verder verwerk in 'n maalkamer met ses hammers.
- Verkrygbaar in enkelfase elektries of 3-fase elektries, petrol of diesel.

*BOSKOS

Term vir hout en bos wat verwerk word om deel uit te maak van 'n voedingsmengsel wat geskik is vir beeste en skape en ook vir wild gevoer kan word as die ureum-inhoud aangepas is.

Produktiwiteit en diens is ons wagwoord

Staalmeester is een van die oudste maatskappye in Suidelike Afrika wat landbou-implemente vervaardig en invoer. Die maatskappy het in 2018 sy hulpbronne uitgebrei deur in vennootskap te gaan met Serwes.

Staalmeester



Vervangingsverse

Met goeie bestuur die belangrikste bateklas op jou plaas

Indien 'n beesboer die verskillende produksiesiklusse van sy beeskudde as beleggingsmoontlikhede in verskillende bateklasse moes groepeer, sou 'n mens kon sê dat daar verskillende beleggingsmoontlikhede vir die onderskeie bateklasse bestaan, met verskillende opbrengsmoontlikhede. Een so 'n bateklas in elke boer se portefeulje, is vervangingsverse.

■ **Deur Phillip Lee**
Hinterland Bestuurder:
Vee-oplossings

Ongelukkig is dit juis dié belangrike bateklas wat soms nie na wense presteer nie, met gevolglike langtermyn negatiewe finansiële gevolge. In hierdie artikel kyk ons na die redes daarvoor en bespreek hoe ons dit as batebestuurders kan aanspreek.

DIE VERVANGINGSVERS

Per definisie is 'n vervangingsvers 'n vroulike dier wat onder natuurlike toestande só ontwikkel, dat sy nagenoeg 66% van haar volwasse gewig op die ouderdom van ongeveer 18 maande bereik, waarna sy dan suksesvol gedek kan word, en op nagenoeg 85% van haar volwasse gewig, geboorte sal gee aan 'n lewende kalf.

Voorts moet sy 'n 90% kans hê op herbesetting en moet sy minstens 45% van haar eie liggaamsgewig speen. Die verwagting is voorts dat sy elke jaar vir die volgende 10 tot 12 jaar 'n kalf moet speen met 'n TKP van < 400 dae. Uit die definisie van 'n vervangingsvers, kan ons sien dat die verwagting baie hoog is en begin ons om te verstaan hoekom die opbrengs

(kalfpersentasie, speenmassa en herkomssepsie %) soms teleurstellend is.

DIE ROL VAN GOEIE BESTUUR

Die invloed van die fondsbestuurder ten opsigte van die spesifieke bateklas kan nie genoeg beklemtoon word nie. Dit sluit alle aspekte van kuddebestuur in – van toesig en gesondheidsbestuur tot voedingsbestuur asook seleksie. Ons sien nog te gereeld in die praktyk dat verse iewers in 'n bergkamp geplaas word en byna van vergeet word om hulle 'hard' te maak – voorwaar 'n resep vir 'n swak opbrengs.

Net so wanneer die vervangingsgroep te gou by die res van die koeikudde geïnkorporeer word. Die riglyn is om vervangingsverse te bestuur as vervangingsverse, totdat hulle vir die tweede keer deur 'n veearts as dragtig gesertifiseer is. Dit behels basies 'n driejaarprogram. Die potensiaal van die vers as toekomstige kuddekoei, word hier vasgelê.

WAAR BEGIN SELEKSIE?

Seleksie begin reeds tydens die moeders se dekseisoen. Gee veral voorkeur aan verse wat vroeg in die dekseisoen gebore is. Nie net speen hulle gemiddeld swaarder nie, maar daar is ook 'n hoë korrelasie

tussen koeie wat vroeg kalf en wanneer hulle dogters tydens die seisoen sal kalf. Ideaal gesproke behoort 60% van koeie binne die eerste drie weke van die kalfseisoen te kalf, en moet voorkeur aan die verse gegee word.

Na speen moet seleksiemaatstawwe soos speengewig (minstens 10% swaarder as die gemiddelde speengewig van die verse in die groep), korrekte bouvorm, goeie vroulikheid en geslagsontwikkeling in ag geneem word. Hierdie kan as die eerste rondte seleksie gesien word en daarom word aanbeveel dat produsente op hierdie stadium voorsiening maak vir die aantal verse wat geselekteer word, omdat van die verse by die tweede rondte mag uitval.

Die tweede rondte van seleksie is met speentyd, nadat die vervangingverse die eerste keer gekalf het (inaggenome dat hulle voor die dekseisoen deur 'n veearts rektaal ondersoek is om te verseker dat hulle voldoende geslagsontwikkeling toon). Hier word aspekte soos herkomssepsiepersentasie (het sy beset geraak binne die eerste 42 dae van die dekseisoen), speenmassa (het sy 45% van haar eie massa gespeen) en groeitempo (het sy self in massa toegeneem na kalf) in ag geneem – alles is aanduiders van haar aanpasbaarheid.



JOU VEEARTS SE ROL

Jou veearts se rol en dan ook die daarstelling van 'n doelgerigte inentings- en ontwormingsprogram, kan nie genoeg benadruk word nie. Van die belangrikste inentings vir verse moet reeds voor speen toegedien word. Beskou inentings as 'n langtermynbelegging in jou verse en tree proaktief op.

Daar word nog heeltemal te laat opgetree en dan is dit nodig om brandweerman te speel en vure dood te slaan. Let veral op vir geslagsiektes. Dit geld veral by produsente wat van tyd tot tyd vervangingsverse inkoop. Dring aan op veeartssertifisering wat bevestig dat die diere negatief getoets het vir heersende geslagsiektes.

Moet ook nie vergeet van die jaarlikse skraaginertings voor die dekseisoen nie. Dit is en bly die beste belegging in die opbou van siekteweerstand.

BESTUUR VAN DIE GROEIKURWE

Daar is baie studies gedoen op die groei-tempo van vervangingsverse en gevolg-

like reproduksieprestasie in die kudde. Ons weet dat hoe vroeër 'n vers vir die eerste keer kalf, hoe hoër sal haar produktiwiteit vir die res van haar lewe wees. Dit is egter hoogs gekorreleer met haar vlak van voeding, veral in die periode tot die aanloop van haar eerste dekseisoen.

Proefwerk op drie verskillende rasse het getoon dat verse wat gemiddeld 700g/dag gegroei het, teenoor verse wat gemiddeld 350g/dag gegroei het, se persentasie hittewaarneming op 14 maande bykans 25% hoër was. Weeg jou verse gereeld en volg 'n strategiese aanvullingsprogram om by die verlangde teikenmassas uit te kom.

Neem in ag dat omgewings- en rasvariasies wel voorkom en dat enige voedingsprogram dienoreenkomstig aangepas moet word. Dit sal onder andere verhoed dat diere in oormatige kondisie is. Onthou ook dat verse hulle teikengewig voor die aanvang van die dekseisoen moet bereik – weereens die klem op proaktiewe bestuur.

Ons sien dikwels dat vervangingsverse,

veral in hulle eerste winter, dieselfde lek kry as die koeigroep (basiese winteronderhoudslek), terwyl haar behoefte eerder neig na 'n meer produksiegeformuleerde lek (waak hier egter teen te hoë energievlakke).

Hierdie is een van die hoofredes waarom verse nie by die gewenste teikenmassas uitkom met die aanvang van die dekseisoen nie.

Dit benadruk die uitgangspunt dat vervangingsverse nie te gou by die res van die koeigroepe geïnkorporeer moet word nie. Deur hulle tot na die tweede dekseisoen apart te bestuur, laat ruimte vir beter voedingsbestuur.

SLOTGEDAGTES

Bestuur jou vervangingsverse as die belangrikste bateklas op jou plaas en beskou die koste van 'n doeltreffende gesondheids- en voedingsprogram as 'n langtermynbelegging in die produktiwiteit van die vers. Moet ook nie die rol van die bul vergeet wat betref die afwesigheid van geslagsiektes, dekbeheindigheid en korrekte keuse in terme van kalwingsgemak nie.

Werk nou saam met jou veearts in die daarstelling van 'n gesondheidsprogram wat aangepas is vir jou omgewing, en ook met jou veekundige wat jou aanvullende voedingsprogram en die bestuur van jou voervloei-program betref. Dit sal verseker dat diere teen die korrekte groeikurwes ontwikkel.

Daar is geen geheime of kitsresepte nie. Produsente wat daarin slaag om verse suksesvol in hul kuddes te vervang, is produsente wat hou by die basiese beginsels en nie kortpaaie najaag nie. **S**

Vrystaat Jongboer van die Jaar van Port Arlington

■ Deur Julian Soutter
Senwes Graduandi

Herman Janse van Rensburg van Port Arlington is aangewys as die 2019 Vrystaat Jongboer van die Jaar. "Jong boere moet ophou *google* vir potensiële oorsese geleenthede - *google* eerder geleenthede in Suid-Afrika," het die pas gekroonde wenner gesê.

"Ons kan nie 'n positiewe uitkoms verwag met negatiewe insette of onbetrokkenheid nie. Almal het 'n keuse om positief en konstruktief of negatief en destruktief te wees," het Francois Wilken, President van Vrystaat Landbou, gesê.

Die 2019 Vrystaat Jongboer van die

Jaar-konferensie, wat trots deur Senwes geborg is, is op Woensdag, 17 April 2019 by die Monte Bello Landgoed in Bloemfontein gehou. Afrikaanse storieverteller en televisie-aanbieder Andries Vermeulen, het die konferensie geopen met 'n sterk Bybelse boodskap wat positiewe gesprek onder produsente regdeur die dag ontlok het.

Die tema van die konferensie was toegang tot hulpbronne in 'n moderne landbouomgewing en spesialis navorers in die landboubedryf soos Tiaan Terblanche, Phillip Oosthuizen, Divan van der Westhuizen en prof Johan Willemse, het data en inligting van onskatbare waarde met die konferensiegangers gedeel, wat jong produsente in Suid-Afrika kan help om hul besigheid-



Herman Janse van Rensburg is die 24ste wenner van die Vrystaat Jongboer van die Jaar-toekenning.

Foto: 3'kie's Fotografie

strategieë te verbeter en slimmer boerderymetodes te implementeer.

Volgens Sernick se Hoof van Ekonomie en Navorsing, Phillip Oosthuizen, kan tegnologie en bemerkingsinnovasie jou 'n korttermyn mededingende voordeel gee en oor die lang termyn kan dit jou relevansie in die bedryf bepaal. **S**

« Voedingskedulering™ belyn met plant-ontwikkeling. »

Mielie OEMFF® B16
Voedingsondersteuning gedurende stuifmeeltorst, bestuiwing en bevrugting.

KynoPlus®-mengsels Foli-Grande® of Foli-Plus®
Voedingsondersteuning om graanvul te verbeter.

KynoPop®
Vinnige begin en sterk saailinge.

KynoPlus® - NPKS PLANTERMENGSEL
Ondersteun potensiaal in die mielieplant.

BLOMSTADIUM

MIDDELE VEGETATIEF TOEBEMESTING

VOORPLANT

MIELIES

KynoPlus® en KynoPlus®-mengsel
Verbeterde voeding wanneer die mielieplant dit die nodigste het.

Mielie OEMFF®
'n Blaarvoeding om die effektiwiteit van die mielieplant te verbeter.

KynoPlus®
Verhoog beskikbare stikstof in die grond.

KynoPlus®-mengsels
Plaas stikstof, fosfaat en kalium in die grond.

Oppearmarkering A20069/REV

KynoPlus® is geregistreer as kunsmis groep 1 - Reg. No: K8024, KynoPop® Reg. No: K9101, Mielie OEMFF® Reg. No: K8702, Foli-Plus® Reg. No: K9397 en Foli-Grande® Reg. No: K8045 (Alle produkte is geregistreer onder Wet 36 van 1947)

Praat met ons oor hoe jy die **Voedingskedulering™** in jou gewasbestuur-program kan implementeer.



011 317 2000
info@kynoch.co.za

Met Kynoch se innoverende en pasmaakprodukte, kan jy bemesting volgens jou mielieplante se behoeftes en groeistadiums toedien. So verseker Kynoch dat jou **melieplante kry wat hulle nodig het, wanneer hul dit die nodigste het.**



Kynoch

Verbeterde doeltreffendheid
deur innovasie

Don't just innovate, #KynoVate.

@KynochFertilizer

www.kynoch.co.za

Farmisco (Edms) Bpk. h/a Kynoch Fertilizer
Reg. No. 2009/0092541/07



Karringmelk en heuning hoendersosaties

Na aanleiding van die sukses van ons #braaiviriboere-veldtog wat vroeg al gefokus het op hoender, het ons besluit om 'n 3-in-1-resep in te sluit wat drie produsente met een slag ondersteun. Geniet hierdie heerlike karringmelk en heuning hoendersosaties.

BESTANDDELE

1/4 koppie sterk sous
1/4 koppie tamatiepasta
3 eetlepels heuning
1 koppie karringmelk
1/2 klein soet ui, gerasper
6 fyngedrukte knoffelhuisies
1 eetlepel swartpeper
2 1/4 teelepels sout (deel in twee gelyke dele)
1 kg hoenderdye, sonder vel, in 5cm stukkie gesny
10 houtstokkies of metaalpenne
Groentebasis oliesproei
Geroosterde halwe suurlimoene
Romesco-sous

METODE

- ❶ Roer saam in 'n groot bak warm sous, tamatiepasta en heuning tot dit glad is. Roer in karringmelk, uie, knoffel, swartpeper en sout tot gemeng.
- ❷ Sit karringmelkmengsel en hoender in groot plastiek vriessak, verseël en plaas in yskas vir 3 ure.
- ❸ Week intussen houtstokkies in water vir 30 minute (nie nodig vir metaalpenne).
- ❹ Spuit oliesproei op braairooster. Voorverhit oond tot 350° tot 400° (medium-hoë hitte). Haal hoender uit marinade - marinade word nie weer gebruik. Ryg hoenderstukkies in op stokkies, met bietjie spatie tussen stukkie en sprinkel met sout.
- ❺ Rooster sosaties, met roosterdeksel toe, vir 6 tot 8 minute aan elke kant of tot hoender gaar is. Bedien met halwe suurlimoene en Romesco-sous. ❸



Die drie finaliste by die 2019 Agri NW Jongboer van die Jaar-toekenningsfunksie is van links na regs, Pieter Ernst, Dawie Rothmann en Janna du Rand. Dawie Rothmann het met die louere weggestap.

Wenner van die 2019 Agri NW Jongboer-toekenning!

■ **Deur Julian Soutter**
Senwes Graduandi

Die Senwes geborgde 2019 Agri NW toekennings het aan alle verwagtinge voldoen en Dawie Rothmann, 'n jong graan- en groenteboer in die Brits-gebied, het met die louere weggestap. Hy plant graan en groente soos koring, sojabone, beet, wortels en spinasie. Die belangrikste faktore agter Dawie se sukses is sy ambisie om deurlopend uit te brei en om sy produksievlakke te verhoog. Hy speel ook 'n groot rol in sy gemeenskap en dien op verskeie landboukomitees wat ten doel het om opkomende boere en plaaswerkers op te hef.

Die 2019 Jongboer van die Jaar-konferensie is op Vrydag, 12 April 2019 by die Urpan Safari Lodge in Schweizer-

Reneke gehou. Verskeie sprekers, waaronder entrepreneur Marnus Broodryk, het deelgeneem aan die geleentheid. Hy het aspekte aangeraak wat 'n impak op alle jong Suid-Afrikaanse produsente sal hê.

Onderwerpe soos verandering, innovasie en entrepreneurskap is bespreek. Die inisiatief is geneem om die toeneemende aantal jong produsente in die bedryf op te hef.

Voedselsekureit is een van die belangrikste faktore in Suid-Afrika wat die bedryf moet ondersteun. Suid-Afrika word die afgelope ses jaar al geteister deur ernstige droogtetoestande en wisselvallige reënval, wat die landbousektor ietwat onaantreklik gemaak het vir jong entrepreneurs.

Dit kan egter 'n geleentheid vir baie jong produsente daarbuite wees om die regte vaardigheid en benadering toe te pas op hul onderskeie plase. ❸



'n Burgh tussen Burge

'n Myburgh wat boer tussen Petrusburg en Edenburg

Sy van mag dalk Myburgh wees, maar vir Senwes-producent Johan Myburgh gaan alles in die lewe verseker nie oor homself nie, maar eerder oor die mense rondom hom.

■ **Deur Aubrey Kruger**
Senwes Scenario Redakteur

Vir Johan kom boerdery eerstens met voorwaardes, en met sy grondvaste beginsels en vertroue in God, bly Johan se voete stewig vasgeanker in landbou. Hy en sy vrou Monica boer al sedert 1970 op die plaas Kingsheath en vier soos Senwes met 110 jaar, ook 'n groot mylpaal vanjaar, met hulle boerdery se 50ste bestaansjaar hier wat op hande is.

Op hierdie plaas, Kingsheath, word Johan bygestaan deur die bekwame Deodé Wilson, wat grotendeels die bees- en saai-boerdery hanteer, en al 11 jaar op die plaas werk en Rohan Coetzee, die nuweling, wat al drie jaar hier werk en die besproeiings- en aartappelvertakking hanteer, asook jarelange werkers Boy en Nanzi, - "Ek is regtig geseën met goeie mense wat my help." Dit is juis sy uitgangspunt om homself te omring met mense wat dieselfde dink as hy. Hy glo in personeel wat selfstandig is: "Ek is nie daar om vir hulle te dink nie en elkeen van

hulle het 'n geweldige trots op hulle werk en is positiewe jong mense met visie," vertel hy.

In die saai-boerdery word mielies, sonneblomme en koring verbou. Daar word ook aartappels, mielies en weiding onder besproeiing geplant. Hoewel hy huiwerig is, koop hy nog steeds grond en het die laaste 640 hektaar so onlangs as in Januarie 2019 aangeskaf.

Hulle het swaar begin, vertel Johan en Monica, en is verskriklik dankbaar vir alles wat die boerdery al bereik het. Johan noem dat die paar jaar wat hy saam met sy pa kon boer, hy vir absoluut niks sal verruil nie, aangesien hy daar die grondbeginsels van landbou geleer het. Hulle huwelik en boerdery loop ook amper hand-aan-hand, met hulle huwelik wat al klaar verlede jaar verby die 50-jaar kerf is.

Dié Senwes-producent is verseker 'n klant van Senwes soos hy sy lidnommer uitbasuin. Senwes Equipment is ook hoog op sy lys as jy die aantal John Deere meganisasietoerusting op die plaas tel, en later eenvoudig net tred verloor.

So, ons noem in kort net die splinternuwe John Deere 8345 RT wat in Desember 2018 aangeskaf is en die nuutste toevoeging tot dié stal is. Selfs die oudste trekker op die plaas loop nog klopdiselboom, 'n 1982 John Deere 3140 wat hom destyds R12 500 gekos het. Sy eerste John Deere-trekker was 'n 3130 en hy noem dat hy "nog nooit 'n John Deere vir minder verkoop het as waarvoor hy dit aangekoop het nie. Niks vergelyk met John Deere nie, ek kyk nie eens meer na ander nie."

Ons gaan ry op Kingsheath in 'n Toyota-bakkie. "Hier loop net drie dinge op die plaas, 'n John Deere, Toyota en Bonsmaras." Die Bonsmara-stoet bestaan uit sowat 70 bulle en 300 koeie. Dan word daar boonop met 'n klomp kommersiële Bonsmaras ook geboer. Deodé vertel dat hulle ook op 25 September 2019 hulle 22ste veiling sedert 1996 gaan aanbied. Hy is veral baie opgewonde oor die verskil wat Johan en Kings Heath Bonsmaras maak ten opsigte van die kwaliteit en genetica waarin die hele



In die lande! Hier is Senwes-produisent
Johan Myburgh, Deodé Wilson en
Rohan Coetzee.

PRODUSENTFOKUS



Trekkerdrywer,
Michael Manoni, by
die nuutste John
Deere op die plaas,
die John Deere
8345 RT.



gemeenskap kan deel. Dit is die nalaten-
skap wat Johan met Kings Heath
Bonsmaras reeds sedert 1989 daarstel.
Die feit dat die Kings Heath Bonsmaras
twee titels 10 jaar uitmekaar gewen het,
spreek hiervan: In 2018 het hulle die LNR
Nasionale Beste Elite Koeitoekenning
ontvang met koei KHB 050270 en in
2008 was die ABSA LNR Vleisbees
Veeverbeteringskudde van die Jaar-titel
ook aan Kings Heath Bonsmaras toegek-

en.

Hulle ken almal die plaas se kommetjies
so tussen die heuwels, watter dele baie
vrugbaar is en watter minder vrugbaar is,
soos Johan verduidelik terwyl ons deur
die groen landerye ry, wat pragtig lyk na
hulle 123 mm reën in April ontvang het en
415 vir die jaar tot 7 Mei. Dit was immers
'n rekord reënvalmaand binne die Senwes
gebied met 'n gemiddeld van 188,7 mm.
Vir hulle is dit net meer seëning indien jy

hoor dat die gemiddelde reënval gewoonlik
so tussen 350 en 450 mm per jaar is. Dit
sal sorg vir goeie reserwewog, waarvoor
hulle baie dankbaar is.

Die toekoms van die plaas is ook veilig.
Hulle boer in 'n maatskappy en die eien-
domme is in trusts gesetel vir die kinders
Gert, Marthie en Colette. Johan se laaste
raad is dat in boerdery 'n mens ook nie
te wilde kanse moet vat nie en dat op die
ou einde alles net daar is as gevolg van
genade. **S**

YARA

Knowledge grows

**Hulle sal hulle
lippe aflek ...**

Vir winterlekkie wat jou sak pas

Winterlek

Jou diere verdien net die beste. Wanneer dit kom by hul welstand, is daar geen kortpaaie nie. Gebruik jou eie plaasgeproduseerde produkte saam met Yara Animal Nutrition SA se produkte en spaar. Maak Yara jou vennoot in die verskaffing van kwaliteitprodukte en resepte om jou lekkoste drasties te verminder.

Voorbeeld van 'n winterlek vir beeste en skaape:

	Beeslek	Skaaplek	Samestelling	g/kg	g/kg
Mielie-meel/Hominy Chop	250	250	Ruproteien	475	367
Oliekoek	-	150	% Vanaf NPN	95,6	77,5
Voergraad Ureum	150	100	ME	3,8 MJ/kg	5,25 MJ/kg
Kimtrafos 12 Grandé/PhosSure 12	150	100	Kalsium	41	27
Kalori 3000	50	50	Fosfaat	21	14
Voergraad Swael	7	5	Swael	8	5
Sout	350	350	Inname Beeste (g/bees/dag)	350-500	450-650
Totaal	957	1005	Inname Skaape (g/skaap/dag)	Nie geskik	80-120

Innoverende oplossings in dierevoeding!

www.yara.co.za/animal-nutrition/
animal.nutrition.sa@yara.com | Tel: +27 (0)31 910-5100

Kalori 3000 - Reg. Nr. V2809, Voergraad Ureum - Reg. Nr. V15681, Voergraad Swael - Reg. Nr. V16738, Kimtrafos 12 Grandé - Reg. Nr. V18670, PhosSure 12 - Reg. Nr. V12858. Alle produkte geregistreer onder Wet 36 van 1947
Yara Animal Nutrition Suid-Afrika (Edms) Bpk. Reg. Nr. 2001/025850/07



Die koms van die vryemark en die ontbinding van beheerliggame

Die koms van die vryemark en die ontbinding van beheerliggame het gelei tot die liberalisering van markte en het 'n nuwe era vir landboubemarking in Suid-Afrika ingelui. Dit het gelei tot groter deursigtigheid in prysvorming en produsente moes ook nuwe bemarkingsvaardighede aanleer. Vervolgens 'n bondige oorsig oor die aanloop tot die proses.

■ Deur Johan du Toit

Bestuurder: Senwes Landboudienste

VANAF 1930's

- Die landbousektor het alreeds vanaf die vroeë 1930's in 'n enkelkanaal-markstelsel gefunksioneer, waar besluitneming rakende pryse deur die staat en die betrokke beheerliggame gedoen is.
- In 1937 het die Bemarkingswet in werking getree, wat toenemende owerheidsinmenging en beheer oor die land se ekonomie behels het.
- Daar was egter toenemende tekortkominge wat bygedra het tot kontroversiële gevoelens rakende 'n enkelkanaal-markstelsel.
- Een van die grootste tekortkominge was prysbewegings tussen landbou- en nie-landbouprodukte, wat 'n direkte impak gehad het op produsente se koopkrag.

VANAF 1994

- Trae ekonomiese omstandighede en uitdagings soos droogtes, demokratisering van Suid-Afrika in 1994, grondverdeling, grondkweesies en internasionale mededinging het gelei tot die noodsaaklikheid vir verandering in die landbousektor.
- Die geregleerde stelsel waarin die landbousektor gefunksioneer het, is gesien as eksklusief, waar produsente slegs prysnemers was.
- Liberalisering van die landbousektor

deur die regering was die eerste stap om die leemte in die bedryf te oorkom.

- Vanaf 1995 het die geregleerde mark waarin landbou funksioneer, verander na 'n vryemarkstelsel.
- Die verandering na 'n vryemarkstelsel waar pryse bepaal word deur vraag en aanbod, was gemotiveer deur die behoefte om alle landsburgers toegang tot die landbousektor te gee.
- Die koms van die vryemark het daartoe gelei dat beheerliggame een vir een beëindig is.
- Onder andere het die vryemarkstelsel die Mielieraad in 1995 en in 1997 die Koringraad vervang.
- Die South African Futures Exchange (SAFEX) het die rol van graanbeheerrade oorgeneem.
- Deelnemers aan die mark het daartoe gelei dat die regering nie meer die enigste prysbepaler was nie en sou vraag en aanbod (SAFEX) nou die prys van verhandelbare kommoditeite bepaal.
- In 1996 is die eerste graankontrakte op SAFEX gelys, gevolg deur koringkontrakte in 1997, sonneblomkontrakte in 1999 en sojaboonkontrakte in 2002.
- Die verandering na 'n vryemarkstelsel het nuwe kundigheid en aanpassings vereis.
- Vir Senwes was dit noodsaaklik om proaktief te dink en te funksioneer.
- Op 10 April 1997 het Senwes verander vanaf 'n landboukoöperasie na 'n maatskappy wat meeding in die vryemark, met diverse winsgedrewe belange.

- Hierdie verandering het gelei tot herstrukturering en uitbreiding asook 'n strengere kredietbeleid.
- Senwes se graanopbergingsbesigheid kon daarin slaag om, ten spyte van die omskakeling, winsgewendheid voort te sit.

1998 TOT NA 2000's

- Vir die tydperk 1998 tot 2009 sou verdere transformasie van Senwes vereis word om binne die vryemarkstelsel winsgewend te funksioneer, soos onder andere inklusiwiteit van verskillende rasse-groepe, swart ekonomiese bemagtiging en die akkommodering van verskeie taalgroepe.
- Ongeag die transformasie en aanpassings wat deur die nuwe markstelsel vereis is, het Senwes in 2009 'n uitsonderlike finansiële mylpaal bereik.

Die landbousektor kon tot hede daarin slaag om suksesvol binne die raamwerk van 'n vryemarkstelsel, waar vraag en aanbod kommoditeitspryse bepaal, aan te pas en te funksioneer. **S**

BRONNE

Tyd kweek winners. Senwes – 'n Eeu van landbou (Elize S van Eeden)
Kort en Lank van Termynkontrakte. SAFEX, Graanverskansing, Spekulasie (JM Geyser)
The Agricultural Marketing Act: A Post-Mortem. The South African Journal of Economics Vol. 68:3 2000 September (JA Groenewald)

Roer jou pitte **SE LITTE**



Saam met jou van
**DIE WOORD
"GO"**

Gee jou mielies daai ekstra myl met PIONEER®-produkte.

Tel: +27 12 683 5700 | www.rsa.pioneer.com | ©
®, TM, SM Handelsmerke of diensmerke van DuPont,
Dow AgroSciences of Pioneer en hul geaffilieerde maatskappye
of onderskeie eienaars. © 2018 PHII



PIONEER®



Petrusburg

Die tak op Petrusburg is 36 jaar oud nadat dit in 1977 amptelik geopen is.

Nie net êrens in die middel

Meeste mense sal vra waar Petrusburg is. In sy digterlike stem sing Elvis Blue van 'n plek waar hy homself bevind: *Êrens in die middel van nêrens*. Maar die mense in die Vrystaat en Noord-Kaap weet presies waar Petrusburg in Suid-Afrika gevind kan word. Nie net êrens in die middel nie, maar reg in die middel van hierdie geliefde land van ons.

■ **Deur Aubrey Kruger**
Senwes Scenario Redakteur

Petrusburg is eintlik by die geografiese middelpunt van Suid-Afrika geleë, by Emmaus wat net sowat 20 km vanaf Petrusburg geleë is. Petrusburg is ook presies die middelpunt tussen die Vrystaatse hoofstad, Bloemfontein en die ekwivalent in die Noord-Kaap, Kimberley met 80 km na weerskante.

DIE BEGIN VAN DIE MIDDELPUNT

Petrusburg is in 1982 gestig en vernoem na die plaaseienaar, Petrus Albertus Venter.

Die area het eers bekendheid verwerf as 'n perde- en mulleeltsentrum, daarna het koningaartappels hoogty gevier, waarna Jersey beeste met gemengde boerdery en koring gevolg het. En ook

Bonsmaras, soos by Senwes-producent Johan Myburgh.

TAK OOK BAIE SENTRALE PUNT

So 'n klipgooi van die middeldorp is die Hinterland-tak te vinde, met takbestuurder Lourens Brand aan die stuur. Lourens vertel dat die tak al 'n volle 36 jaar bestaan, dis nou sedert die besturende direkteur van die destydse Land- en Landboubank van Suid-Afrika, T.C. de K. Pienaar, die tak amptelik op 22 Augustus 1983 geopen het.

In totaal is daar 19 personeellede en Lourens het 'n interessante siening oor die dorp. Hy sien Petrusburg as 'n uiters strategiese tak vir Hinterland en Senwes. "Dit is basies in die middel en inderwaarheid in 'n sekere sin, 'n *barrier to entry*, met al die landboumaatskappye reg rondom hulle. Meganisasiegewys is Senwes Equipment ook 'n voorstander met personeel wat uit hul pad gaan om klantetevredenheid rakende onderdele

te verseker, met sommige wat verby die opposisie ry vir goeie diens.

SENWES GRAINLINK SILO

Skuins agter die tak is die Senwes Grainlink Petrusburg silo, met agt personeellede. Die silo is in 1977 gebou en is amptelik deur die destydse Minister van Landbou, Hendrik Schoeman geopen. Gewasse wat ontvang word, is koring, wit- en geelmielies sowel as sojabone. Op hierdie stadium is geelmielies die meeste, gevolg deur koring en sonneblom. Die silo het 16 buise met 'n totale kapasiteit van 60 000 ton - 12 buise van ongeveer 4 500 ton elk en 4 kleiner buise van 1 200 ton elk.

Vroeër jare, in 1979, het hulle sakke koring gehanteer. Die meeste koring in die geskiedenis van Senwes is vanaf rondom 1990 tot 2000 hanteer. Hoewel Petrusburg in die middel van Suid-Afrika geleë is, is dit egter die mees suidelike



Takbestuurder
Lourens Brand.



silo van Senwes. Die omliggende silo's is De Brug (40 km) en Bloemfontein (80 km).

UNIEKE GEBEURE

Die silo het ook die eer om die eerste silo ter wêreld te wees om een en 'n half keer die kapasiteit in een seisoen en met dieselfde produk te hanteer. Om presies te wees, was die silo 165% vol. So vinnig as wat voor ingelaai is, so vinnig is die treinvragte weg.

Dit kon nie vinnig verhandel word nie en is na ander silo's van Senwes gestuur. 'n Paar keer daarna is nog 60 000 ton koring en 20 000 ton mielies ontvang.

Van middel gepraat. Het jy geweet by Emmaus was daar eens op 'n tyd 'n spoorwegstasie met 'n kafee en poskantoor?

BEKENDES VAN DIË KERN

Hoog op die lys is die befaamde skrywer Maretha Maartens wat hier grootgeword het. Skrywer, digter en ekonoom Pieter Haasbroek is nog een. Radiopersoonlikheid Johnné van Huyssteen maak ook glad nie 'n geheim daarvan dat hy van die wêreld is nie. Dr Theo Alant was 'n adjunk-minister in die kabinet en Sarel Reinecke was die heel eerste Petrusburger wat tot LV verkies is met AJC Jooste, na wie die skool vernoem is, wat 'n 70-jaar verbintenis met landbou, die skool en gemeenskap gehad het. Met ons besoek het ons ook in die ouetehuis by oud-direkteur van Senwes, Johan Delport, gaan kuier.

Kerkgewys ken almal die NG Kerk asook Gereformeerde Kerk op die dorp, met die torings wat sigbaar is vanaf die N8.

Die gebied is ook 'n bekende aartappeldistrik met die aartappelfees wat hier gehou is.

Ons almal ken die kinderlied *So ry die trein, so ry die trein, die Kimberley se trein* en wat die ouer garde sal onthou, is hoe die passasierstrein waaroor almal so lekker sing, stiptelik om 11:00 by die Petrusburgstasie ingestoom gekom het.

Welgedaan Petrusburg! Sprei julle vlerke, so reg vanuit die middelpunt van SA. 📍

Landbouwenke vir die winter

■ Deur Petrus van Staden

Senwes Senior Agronoom

Boet van Zyl

Senwes Senior Landboukundige Ekonomoom

Ian Bothma

SGS Areabestuurder

DIE AFGELOPE SEISOEN het onvoorspelbaar verloop en uiterstes van baie jare getoon. Reën het laat gekom en Desember 2018 en Januarie 2019 is gekenmerk deur uiters hoë temperature. In die algemeen is laat geplant. Reën aan die begin van Februarie het verskeie aanplantings gered en die algemene aanduiding is dat die oesopbrengs moontlik laer as die LGO gaan wees.

Ryp het middel April in verskeie distrikte voorgekom, met geen skade. Die voorkoms van ryp kan as gevolg van die baie reën, vertraag word. Of dit tot voordeel van baie laat aanplantings gaan wees, is te betwyfel.

Die reën einde April was die hoogste in jare. Riviere en damme het oorgeloopt. Haelskade is waargeneem. Behalwe dat lande sopnat is, was daar skade as gevolg van watererosie.

Enkele beginsels vir die komende seisoen

Die deurdringende reën einde April kan moontlik die volgende impak hê:

- Nat grond kan moontlik die strooppreses vertraag.
- Indien waterbewerkingspraktyke ingestel is, behoort die profiel van gronde na aan die boonste limiet van gedreineerde water te wees. Dit verminder risiko vir die komende somerproduksieseisoen.
- Die aanduiding is dat heelwat koring aangeplant gaan word. Alternatiewe is vroeë sonneblom of dekgewasse vir afronding van speenkalwers. Opvolgreën behoort in gedagte gehou te word. Sou laasgenoemde plaasvind, behoort 'n vol grondprofiel steeds Desember beskikbaar te wees vir mielieaanplantings.
- Voertuie/implemente op nat grond vererger grondkompaksie.
- Groot hoeveelheid water deur grond behoort dit te verdig.
- Die logging van water deur die grondprofiel, verlaag die pH en veroorsaak dat voedingstowwe verlore gaan. Indien laasgenoemde in grondwater beland, word die kwaliteit van boorgatwater verlaag.
- Water op die land het onmiddellike gebrek aan suurstof tot gevolg en wat opbrengs kan verlaag. Verder ontstaan toksiese konsentrasies nitriet- en nitraat-stikstof. Indien laasgenoemde in grondwater naby die grondoppervlakte oplos, sal dit in atmosferiese stikstof omgeskakel word en verlore gaan.

Presisie chemie-ontledings is 'n goeie belegging. Ontleding van stikstoffraksies in die grond word aanbeveel.

Ten opsigte van die weiding het die reën te laat gekom om kwaliteit en kwantiteit vir die winter te verseker. Evalueer en doen die nodige aanpassings vir volgehoue produksie.

Teen die lees van die artikel, is al die vrotpootjiegvalle al behandel. 📍



Senwes Equipment reg vir die winter

■ Deur Jacques Pretorius

Senwes Equipment: Bestuurder:
Meganisasiedienste

Daar is twee goed wat ons opgewonde maak oor die winter - strooptyd en jagtyd!!! Oeste word ingesamel en ons kan weer vars biltong in die motorhuis ophang.

Alle Senwes Equipment werkswinkels is ook hard besig met voorbereiding om u stropers en stropertafels, asook om die PIP (Product Improvement Program) van John Deere op die stropers, waar van toepassing, uit te voer. Daarmee saam bied Senwes Equipment ook 'n volledige inspeksieprogram waarvolgens ons u stroper met 'n **200+ punt-plan** deurgaan en die nodige olie- en dieseldoetse doen sodat u gemoedsrus hierdie stroopseisoen kan hê.

Ons wil u ook uitnooi om u 8 000- en 9 000-reeks trekkers proaktief na u naaste Senwes Equipment werkswinkel te stuur

om ook volledige inspeksies op hierdie masjiene te doen en so die nodige werksure uit die masjien te kry. Ons glo dat met die goeie reën en vog wat daar tans is, baie van u reeds agter die stropers die rippers laat hardloop en dat onnodige probleme nou uitgeskakel moet word.

Ons herinner u aan die John Deere Fuel Conditioner somer- en winterformule wat u kan gebruik saam met u diesel om die vries van diesel in die wintermaande te voorkom. Die nodige smering op die inspuisers en hele dieseldoetse word ook verbeter om die lewensduur van u John Deere produk te verleng.

Maak gebruik van ons Senwes Equipment Call Centre met die opstel van u stroperskerm en -dokumentasie. Skakel die **tolvrye nommer by 018 464 7550** met enige van u Greenstar probleme en die opstelling van skerm asook die op- en aflaai van dokumentasie van enige van u landbouthoerusting.

Aspekte wat van toepassing is wanneer u van 'n Senwes Equipment werks-

winkel gebruik maak:

- ❶ Daar is 68 opgeleide John Deere tegnisiërs in ons Senwes bedieningsgebied.
- ❷ Spesiale gereedskap om u masjien regdeur die jaar aan die loop te hou en diens te vergemaklik.
- ❸ 64 velddiensvoertuie, 24 uur per dag.
- ❹ 5 tegniese adviseurs met jare se John Deere ondervinding in ons vyf streke.
- ❺ 'n Waarborg op egte John Deere onderdele en vakmanskap vir volkome gemoedsrus regdeur die jaar.
- ❻ 'n Besigheid wat vir 110 jaar reeds bestaan en vir wie die toekoms van landbou en elke produsent van die uiterste belang is.

'n Baie voorspoedige stroopseisoen word u toegewens en mag ons Hemelse Vader u seën met uitstekende opbrengste en 'n sorgvrye stroopseisoen.

Kontak Senwes Equipment hierdie winter om u van diens te wees met u landbouthoerusting en -behoefte. **S**



BOOMSNOEI MAKLIK GEMAAK

Die Greentec Hedger LRS 2402 is verseker die regte snoei-gereedskap wanneer dit kom by die snoei van neutbome. Antoon Smalberger, Verkoopsbestuurder JCB en Diverse Implemente, vertel dat die produk ingevoer is uit Denemarke en dat die volgende modelle beskikbaar is vir die seisoen: Die LRS 1602, 1.6 m en LRS2402, 2.4 m, asook die LRS4802, 4.8 meter (Excavator model) indien daar 'n behoefte daarvoor is.

Die Greentec Hedger LRS 2402 en Toolbar HXT 3303 is gemonteer op 'n JCB 531-70, wat dan die Greentec op 'n hoogte van 7 meter kan lig om snoeiwerk te doen, met die JCB 535-95 wat dit tot 9.5 meter kan verhoog. Vir meer inligting, kontak asseblief vir Antoon Smalberger by 018 464 7571, Martin Coetzee (Staalmeester: Hoof Uitvoerende Beampte) by 018 431 0300 of jou naaste bemarker. Of besoek Staalmeester nou by Coetzeestraat 2 in Hartbeesfontein.

1909 - 2019
110



Breek steeds nuwe grond



Senwes Equipment se ervaring in landbou strek oor **110 jaar**. As eksklusiewe handelaar van John Deere en alternatiewe toerusting, verseker ons jou toegang tot die nuutste ontwikkelings.

Senwes
equipment



www.senwes.co.za





El Niño-jare

Wat het gebeur in die verlede?

■ Deur Frans Dreyer

Bestuurder: Senwes Graanmakelaars

HIERDIE ARTIKEL IS die vierde in 'n reeks waarin daar gekyk word na die agtergrond, ontstaan en ontwikkeling van ENSO (El Niño Southern Oscillation) gebeurtenisse. Die vorige uitgawe het gekyk na die spesifieke klassifikasie van ENSO in die vorm van 'n medium tot sterk El Niño gebeurtenis.

Die huidige seisoen word amptelik as 'n swak El Niño tipe seisoen geklassifiseer. Die seisoen het heeltemal teenoorge-steld verloop as wat van El Niño seisoene verwag word. Hierdie seisoen was dit die droogste voorseisoen in verskeie distrikte sedert die 1915/16 seisoen. Die najaar, veral ten opsigte van die reën in April, was die natste sedert daar redelik akkuraat reënvalrekords gehou word vir die westelike gedeelte van die Senwes-gebied.

Hierdie realisasie bevestig net weer dat dit maar altyd riskant sal wees om noodwendig produksie- of bemarkings-besluite te neem op grond van die historiese ontwikkeling van ENSO gebeurtenisse alleen. Die eerste rede hiervoor is dat die voorkoms van El Niño, La Niña en neutrale tipe seisoene redelik ewekansig is.

Die voorkoms van El Niño, La Niña en neutrale episodes (1923-2019)

	La Niña	El Niño	Neutraal
Voorkoms van die episodes	29	34	33
Aantal kere 'n groter oes as bewegende gemiddeld	17	10	22
Aantal kere 'n kleiner oes as bewegende gemiddeld	6	17	10
Maksimum positiewe afwyking op lopende gemiddeld	46.8%	35.1%	55.1%
Maksimum negatiewe afwyking op lopende gemiddeld	13.1%	59.30%	20.1%
Opbrengsrealisasie as % van gemiddelde opbrengs.	121.85%	83.84%	110.6%

Indien daar gefokus word op La Niña gebeurtenisse en die impak van hierdie seisoene op opbrengspotensiaal, lyk die prentjie as volg:

La Niña seisoene realiseer normaalweg hoër opbrengste as die 5-jaar lopende gemiddelde opbrengste. Daar was enkele uitsonderings in die verlede. Produsente gaan met 'n groter mate van vertroue 'n La Niña tipe seisoen tegemoet, aangesien dit gewoonlik 'n meer gematigde seisoen is, met meer stabiele opbrengste. **S**

Lees die volledige artikel deur te klik op die skakel <http://senwes.co/frans19> of die QR-kode hier langsaa te skandeer.



Markgeleenthede

vir produsente na strooptyd

■ Deur Hansie Swanepoel

Senwes Markanalisis

PRODUSENTE STAAN WEER op die punt waar 'n besluit geneem moet word oor die tonnemaat wat gestroop is – word die tonne net bemark, of word die tonne in die mark teruggekoop?

Moontlike besluite wat 'n produsent kan neem is:

- ❶ Stroop en verkoop
- ❷ Koop terug in die mark
- ❸ Opberging met die moontlikheid om later te verkoop

Die mark word hierdie seisoen gekenmerk deur mielie-eindvoor-rade wat genoeg behoort te wees (soos met skrywe) om aan behoeftes te voldoen. Daar is egter ruimte vir op- en afbewegings deur die loop van die seisoen.


Oliesade se eindvoorraad behoort knap te wees en daar is vol-doende ruimte vir prysbeweging.

Tabel 1: NAMC 2019/20 vraag- en aanbodsifers (3 Mei)

	White Maize	Yellow Maize	Total Maize
Hectares Planted	1 298 400	1 002 100	2 300 500
Yield	4.07	5.36	4.63
CEC Crop Estimate	5 286 540	5 368 820	10 655 360
CEC Retention	160 000	350 000	510 000
Opening Stock	1 824 084	969 575	2 793 659
Producer deliveries	5 126 540	5 018 820	10 145 360
Imports	-	450 000	450 000
Early Deliveries (Nett)	20 000	-	20 000
Surplus	5 000	10 000	15 000
Total Supply	6 975 624	6 448 395	13 424 019
Processed for local market	5 482 000	5 216 500	10 698 500
-human	4 650 000	545 000	5 195 000
-animal	820 000	4 660 000	5 480 000
-gristing	12 000	11 500	23 500
Other	44 000	195 000	239 000
Local Demand	5 526 000	5 411 500	10 937 500
Exports	620 000	400 000	1 020 000
Products	70 000	150 000	220 000
Whole maize	550 000	250 000	800 000
Total Demand	6 146 000	5 811 500	11 957 500
Ending Stock	829 624	636 895	1 466 519
Processed per month (local)	456 833	434 708	891 542
Months' stock	1.8	1.5	1.6
Days' stock	55	45	50

Lees die volledige artikel deur te klik op die skakel <http://senwes.co/hansie19> of die QR-kode hier langsaa te skandeer.





Breek steeds nuwe grond



Landboutegnologie het in die laaste **110 jaar** van basiese implemente ontwikkel tot hoogs tegnologiese presisieboerdery – 'n hulpmiddel wat die produsent in staat stel om die optimum opbrengs op belegging te realiseer. Skakel ons inbelsentrum by 018 464 7550/3.

Senwes
equipment



www.senwes.co.za





Ontsluit jou opbrengspotensiaal ...



DKC76-77BR

DKC76-77BR is ons nuwe wit baster met die volgende uitstaande kenmerke:

- Uiters meerkoppig.
- Uitstekende opbrengspotensiaal.
- Baie goeie staanvermoë.
- Uitstekende graangehalte.
- Veral geskik vir medium plantpopulasies.
- Word aanbeveel vir die oostelike en westelike mielieverbouingstreke.

DEKALB®, **Acceleron®**, **Roundup Ready® MAIZE 2** en **YieldGard® MAIZE 2** is geregistreerde handelsname van Monsanto Technology LLC. Monsanto Suid-Afrika (Edms) Bpk, Posbus 69933, Bryanston 2021.

Jou behoeftes is uniek; ons het pasgemaakte produkte en tegnologie. Kom ons praat oor hoe ons jou opbrengspotensiaal kan ontsluit ...

Kontak ons by customercare@bayer.co.za

www.dekalb.co.za

DEKALB South Africa

DEKALB SA

dekalbsa

@DEKALB_SA





Hoe bepaal ek of my geweer akkuraat is?

Om 'n drieskootgroepering op 100 m te skiet met die skote wat mekaar sny, is sekerlik 'n bewys dat my geweer akkuraat is. Maar is dit die enigste maatstaf wat ons moet gebruik om te bepaal of 'n geweer akkuraat is?

■ **Deur Jan-Lodewyk Serfontein**
Jagkenner

Want in werklikheid gebeur dit maar selde dat drie skote mekaar sny op jou teiken. 'n Geweer kan 100% reg opgestel wees, met die ammunisie wat perfek herlaai is daarvoor en nog steeds kan dit op 'n bepaalde dag nie die gewenste groepering skiet nie. Dit is as gevolg van eksterne faktore wat die koeël se vlugbaan beïnvloed en sodoende die geweer van sy teiken af druk.

Daar is 'n paar ander faktore wat ook die akkuraatheid van 'n geweer beïnvloed buiten die eksterne faktore soos wind en temperatuur. 'n Skut se skietegniek is ook 'n groot bepalende faktor in die plasing van die skote op die teiken. Die skietegnieke wat 'n skut moet bemeester om sy geweer akkuraat te laat skiet sluit in snellerdruk, wangposisie en terugskopphantering. Indien die veranderlikes nie elke keer die selfde gedoen word nie behoort jou geweer nie akkuraat te skiet nie.

Swak kwaliteit teleskope en skuts wees se sig verswak, kan ook bepalend wees tot die akkuraatheid van 'n geweer. Teleskope speel 'n belangrike rol in skootplasing.

Behalwe dat jy moet sien wat jy wil skiet moet die teleskoop self ook akkuraat wees. 'n Akkurate teleskoop se kruishaar skuif nie vanself rond nie – stel akkuraat indien verstelling benodig word. Aangesien 'n loop wat 0.016 grade wegbeweeg van die mikpunt af tot gevolg het dat jy nie meer 'n duimgroepering op 100 tree kan skiet nie, is dit belangrik dat jy 'n teleskoop het wat so akkuraat kan mik.

Indien die eksterne faktore en die skut se tegniek so 'n groot effek op ons skote se trefpunt het, moet daar 'n ander manier wees waarmee ons kan bepaal of 'n geweer akkuraat is of nie. Met tegnologie wat alles verbeter, tot en met gewere, moet daar iets wees wat ons kan gebruik om makliker te bepaal of 'n geweer akkuraat is of nie.

In 'n artikel wat op die webwerf www.6.5Guys.com geplaas is op 20 Junie 2015, genaamd Load Development (Part 1 of 2), verduidelik die skrywer hoe hy ladingontwikkeling benader. Een van die maniere wat hy gebruik om 'n akkurate lading te bepaal, is om die spoed van elke skoot te meet en dan die lading te gebruik waarvan die spoed die kleinste uiterste verspreiding het. Die uiterste verspreiding van spoed van 'n groep ladings word uitgewerk deur die stadigste spoed van die vinnigste

spoed af te trek. Die antwoord gee dan die uiterste verspreiding van spoed van 'n spesifieke lading. Die artikel noem dat die teikens wat goeie groeperings het, goed vergelyk met die ladings wat klein uiterste verspreiding in spoed het. Kan ons dus spoed gebruik as 'n aanduiding van akkuraatheid?

Die spoed waarteen 'n koeël die geweer se loop verlaat, word bepaal deur interne ballistiek. Indien 2 koeëls se interne ballistiek dieselfde is, behoort hulle op dieselfde plek te skiet, indien skutegniek en eksterne faktore buite rekening gelaat word. Die spoed waarteen 'n koeël die loop verlaat, bepaal die trajek van die koeël. Indien elke trajek presies dieselfde is, behoort elke koeël op dieselfde plek te skiet.

Voor ons net aanvaar dat spoed vir ons 'n goeie aanduiding gee rakende die akkuraatheid van 'n geweer, moet ons dit gaan toets. Indien moontlik, meet ek my geweer se spoed tydens ladingontwikkeling.

Die spoed wat ek meet is vir trajekbepaling en nie noodwendig om die verband tussen spoed en akkuraatheid te bepaal nie. Daarom sal ek 'n toets doen om die verband tussen spoed en akkuraatheid te bepaal. Ek laat weet julle wat my bevinding is! **S**



Kos vir die siel

Jóú voetspore maak 'n indruk



Milanie Vosloo

Die vraag is watter indruk?

Ongeag jou posisie, jou rol of jou tipe werk, is daar iewers iemand wat na jou kyk en iets van jou naboots. Of dit nou by jou huis, in jou gemeenskap, by jou werk, of binne familieverband is, jy laat voetspore wat ander mense – dikwels onbewustelik – volg.

Dit laat ons nogal dink wanneer ons besef dat ons voorbeeld op een of ander manier 'n invloed op ander se lewens het. Dit laat ons amper ongemaklik voel as ons onthou dat ons ander mense se manier van dink, praat en doen beïnvloed. Meer nog, dat ons ook 'n effek op hulle sielereis het: Hoe hulle oor God, ander mense en hulself dink... hoe hulle die lewe ervaar en die liefde lééf.

Die vraag wat ek en jy kan vra is: Waarheen neem ek die mense wat my op my reis volg? Praat, leef, werk en bestuur ek hulle só dat hulle graag beter mense wil wees? Leer hulle by my die goeie, die régte manier van dinge doen, die opbouwende manier om ander te hanteer?

Jy kan 'n geweldige positiewe effek op ander hê wanneer jy die Een volg wat vir ons gewys het hoe om 'n beter wêreld te bou: die Een wat aan ons kom demonstreer het hoe onvoorwaardelike liefde lyk, wat onselfsugtige naastediens is, hoe om brose mense te omarm en aan mense sonder hoop moed te gee. Ja, as ek en jy maar net nougeset in hierdie Jesus se spore kan loop, staan ons dalk 'n kans om aan ander te wys hoe om die liefde in alles te lééf.

Ons kan baie dinge “predik”, maar mense volg ons voetstapprediking: ons voorbeeld. As ons ander wil inspireer om 'n bepaalde pad te loop, beteken dit dat ons self op daardie reis moet wees. Anders, hoe sal hulle die weg vind?

Meester, help my om iets van u voetspoor van die liefde agter te laat. 3

Wen met Senwes en Cum Uitgewers

Hoop wat kaalvoet loop is in Augustus 2016 uitgereik en is teen R179.95 op die rakke. Een gelukkige leser kan 'n kopie wen van *Hoop wat kaalvoet loop*, 101 dagstukke vol hoop en inspirasie wat jou siel sal verkwik. **SMS Senwes, Cum, jou naam, telefoonnommer en e-posadres na 31022 voor 31 Julie 2019.**

Standaard sms-tariewe geld en geen werknemers van Senwes mag deelneem nie. Vir die volledige kompetisieëls, besoek die webtuiste www.senwes.co.za.



Winterwenke

Die einde van herfs het aangebreek met al sy geel, goud en bruin. Die koue winter is hier met kaal bome.

Die goeie nuus is dat dit selfs in hierdie koue tye 'n goeie tyd is om veranderinge in jou tuin aan te bring. Dit is die ideale tyd om jou tuingereedskap na te gaan en veral jou snoeiskêr 'n goeie diens te gee. Gebruik die tyd om somer daardie tuinstel wat al jare vir 'n lekselftjie verf vra, nou af te skuur en weer mooi te maak. Terwyl die verfblikke oop is, verf somer daai muur wat jou al 'n paar jaar pla.

Hoe nou gemaak in die tuin, aan die einde van herfs? Alle sensitiewe plante moet geskuif word na beskutte areas of ten minste met 'n ryplap bedek word. In areas waar die ryp straf is, moet dit alreeds in April gedoen word. 'n Goeie praktyk is om in die oggend voor sonop te besproei om te voorkom dat die dou op die blare omsit in ryp. isoleer ook krane en pype en bêre maar die tuinslang snags om skade te voorkom. 'n Goeie deklaag of “mulch” is altyd 'n wenner in die wintermaande om die grond warmer te hou.

Winter is ideaal om rose te vestig - dit gee die rose genoeg tyd om te vestig voor die somerhitte. Dit is baie belangrik dat die plantgat reg voorberei word deur genoeg kompos in die grond in te werk. Reeds gevestigde rose kan in rypvrye areas al in Julie gesnoei word, maar waar daar wel ryp voorkom, is dit raadsaam om te wag tot Augustus.

'n Bietjie ekstra kleur kan ook in jou tuin ingebring word. Plant camelias en azalias wat pragtig sal blom. Dis belangrik om hulle genoeg water te gee. Te veel water kan veroorsaak dat hulle blomme hang, so wees attent daarop.

Laat Julie, begin Augustus is 'n baie goeie tyd om nuwe vrugtebome te vestig, met die nodige sorg om die plantgat reg voor te berei. Vrugtebome kan laat Junie gesnoei word. Dit is 'n goeie praktyk om die bome 'n paar dae na snoei met kalkswael te spuit.

In die groentetuin kan brusselspruite, wortels en kool geoes word. In Junie kan ertjies en boerkool aangeplant word en in Julie koolgewasse, ertjies en pastinaak.

Tyd om die grondkwaliteit te verbeter... strooi 'n hand of twee gips uit op swaarder gronde - dit sal die grond se struktuur verbeter en die soute help loog. Grond met lae pH-waardes sal baat by 'n bietjie kalk. Dit is belangrik om te weet wat die pH-status van die grond is voordat enige kalk toegedien word. 3

GEELBASTERS UIT DIE BOONSTE RAKKE



PANNAR se geelmielies lewer uitsonderlike prestasie en is 'n goeie keuse vir droëland en besproeiing. Die verskeidenheid groeiklasse en eienskappe bied uitstekende basterkombinasies vir u unieke behoeftes.

ONS GEELMIELIEBASTERS

Groeiseisoenklas				
Ultravinnig		Vinnig	Medium-vinnig	Medium
BG 3292	PAN 3A-124	PAN 4A-156	PAN 5A-154	PAN 6B-410B
BG 3492B	PAN 3R-524R	PAN 4A-172	PAN 5R-554R	PAN 6R-680R
BG 3592R	PAN 3R-724BR	PAN 4R-672R	PAN 5A-182	PAN 6R-710BR
BG 3792BR	PAN 3R-586R	PAN 4R-728BR	PAN 5A-190	
	PAN 3R-786BR		PAN 5R-590R	
	PAN 3R-500R			
	PAN 3R-700BR			

Die ultravinnige pakket is versterk met drie nuwe uitsonderlike genetiese platforms, naamlik PAN 3R-724BR, PAN 3R-786BR en PAN 3R-700BR, wat 'n aansienlike opbrengsverhoging onder besproeiing en hoëpotensiaal-droëlandtoestande bied. Die vinnige tot medium-groeiklasse word met die opwindende PAN 5A-182, PAN 4R-672R en PAN 6R-710BR platforms versterk.

© Registered trademarks of PANNAR SEED (PTY) LTD
© 2019 PANNAR SEED (PTY) LTD

2019/YMAIZE/A/03



PANNAR®

Saam boer ons
vir die toekoms™

infoserve@pannar.co.za
www.pannar.com



8R-TREKKERS

NOU BESKIKBAAR OP 'N HUURKONTRAK

Huur enige John Deere 8R-Trekker vir 'n bepaalde termyn vanaf R63,300 per maand of R633,000 per jaar*



Ontspan!
PowerGard™ gee jou gemoedsrus

*Proteksie Plan
nou beskikbaar op die 8R/8RT
reeks trekkers**

MODEL	TERMYN	DEPOSITO	HUUR BEDRAG (BTW Ingesluit)
8245R	36 Maande/2000 ure	0%	Vanaf R63,300 per maand
8245R	3 Jaarliks/2000 ure	10%	Vanaf R633,000 per jaar

Finansiering gebou vir jou

*Bepalings en voorwaardes geld (beskikbaar by www.deere.com/sub-saharan/en). Onderhewig aan kredietgoedkeuring en die finansieringsbank se bepalings en voorwaardes. Aanbod is geldig op beperkte voorraad en deelnemende handelaars. John Deere Financial word ondersteun deur Absa, 'n gemagtigde finansiële dienstverskaffer en geregistreerde kredietverskaffer. Reg Nr NCRCP7.



JOHN DEERE
FINANCIAL

Volg ons op Facebook Twitter YouTube

www.deere.com/sub-saharan/en
africa@johndeere.com
Kliëntediens: 080 098 3821